'N VERGELYKENDE STUDIE VAN DIE TG-FONOLOGIE EN DIE METRIESE FONOLOGIE MET SPESIFIEKE VERWYSING NA VERKLEININGSVORMING

Herman Gerhard van Wyk, Hons. B.A.

Verhandeling goedgekeur as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in die Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof D.P. Wissing

Potchefstroom

1988

BEDANKING

My hartlike dank aan:

- my studieleier prof D.P. Wissing vir sy aanmoediging, hulp en geduld;
- die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir gedeeltelike finansiële steun;
- dr Peet van Rensburg vir die tipografiese versorging en druk van hierdie verhandeling.

INHOUDSOPGAWE

1	**Inleiding**	**1**
1.1	Probleemstelling	1
1.2	Doelstelling	1
1.3	Sentrale teoretiese stelling	1
1.4	Indeling	2
2	**Metriese fonologie**	**5**
2.1	Teoretiese uitgangspunte en konsepte van die metriese fonologie	5
2.2	Die "swewende" sonorant	12
2.3	Interne en woordeindrym	16
3	**Trommelen se voorspelling van Nederlandse verkleiningsuitgange binne die raamwerk van die Metriese fonologie**	**21**
3.1	Die Nederlandse rym en verkleiningsuitgange	30
3.2	Die "swewende" sonorant	31
4	**Afrikaanse verkleiningsvorming binne die raamwerk van die Transformasioneel Generatiewe Fonologie**	**45**
4.1	Afrikaanse verkleiningsvorme	45

5 Die sillabe **51**

5.1 Die aanset 60

5.1.1 Die spreiding van foneme in Afrikaans 60

5.2 Die koda 77

5.2.1 Afrikaanse kodastruktuur 78

6 'n Evaluering van Afrikaanse verkleiningsvorming binne die raamwerk van die non-lineêre benadering **93**

6.1 Inleiding 93

6.2 Die Afrikaanse verkleiningsvorm, non-lineêr en lineêr bekyk 93

6.2.1 Hipoteses 97

6.2.2 Meetinstrumente 98

6.2.3 Proefpersone 101

6.2.4 Afneemprosedures 102

6.2.5 Nasienmetode 102

6.2.6 Resultate 102

6.2.7 Samevattende gevolgtrekking 109

7 **Slot** 111

Bibliografie 113

Abstract 119

1

INLEIDING

1.1 PROBLEEMSTELLING

Die non-lineêre fonologiese benadering, soos onder andere aangedui in Trommelen (1983) se beskrywing van verkleiningsvorming in Nederlands in 'n metriese benadering, maak sekere aansprake, onder andere dat dit sekere morfonologiese sake beter, dus meer ekonomies, kan hanteer as die lineêre benadering. Die probleem wat ondersoek moet word is die vraag of die non-lineêre benadering wel van die morfonologiese sake beter kan hanteer as die klassieke generatiewe fonologie se lineêre benadering.

1.2 DOELSTELLING

Die doel met hierdie studie is die toetsing van die universele toepasbaarheid van Trommelen se aanspraak:

> That diminutive formation ... is a local process in the sense that the specific diminutive alternant depends solely on the specific structure of the final rime preceding the suffix. Beyond this, no further phonological conditions are required for the choice between the alternants. *(Trommelen, 1983:94)*

aan die hand van Afrikaanse data, en meer spesifiek Afrikaanse verkleiningsvorming.

1.3 SENTRALE TEORETIESE STELLING

Indien daar aan die hand van Afrikaanse data aangetoon kan word dat die non-lineêre benadering, soos deur Trommelen (1983) beweer, wel sekere

morfonologiese sake beter kan hanteer, in die geval van hierdie studie verkleiningsvorming, sal dit die non-lineêre benadering se aanspraak op universele geldigheid versterk.

In Hoofstuk 6 sal 'n aantal spesifieke hipoteses, aan die hand waarvan hierdie aanspraak eksperimenteel getoets gaan word, geformuleer word.

1.4 INDELING

In die tweede hoofstuk sal daar na die vorm van die sillabe binne die raamwerk van die non-lineêre benadering van die metriese fonologie gekyk word. Dit beteken dus dat die werking van die metriese fonologie (MF) bespreek word ten einde 'n basis vir vergelyking met die lineêre benadering van die klassieke transformasioneel generatiewe fonologie (TG) te verkry. Hierdie hoofstuk word daarom bale kortliks en sonder enige kritiek gegee, aangesien dit net as 'n verwysingsraamwerk vir die res van die studie bedoel is.

In Hoofstuk 3 sal daar gekyk word na hoe Trommelen die Nederlandse verkleiningsvorme binne die raamwerk van die MF voorspel. Dit word gedoen met die oog op die latere bespreking van die Afrikaanse vorme na analogie van Trommelen se siening ten einde 'n basis vir vergelyking te verkry.

In Hoofstuk 4 word die beskrywing van Afrikaanse verkleiningsvorme binne die raamwerk van die klassieke TG- fonologie vlugtig bespreek sodat die twee benaderings met mekaar vergelyk kan word.

In Hoofstuk 5 word daar eers na analogie van Trommelen se bespreking van die Nederlandse sillabe gekyk na die sillabe in Afrikaans, die spreiding van Afrikaanse foneme in die aanset word ook bespreek om die bou van die sillabe in Afrikaans vas te stel ten einde die interpretasie van die

Afrikaanse data in 'n non-lineêre raamwerk moontlik te maak daar dit ook nodig is vir 'n vergelyking tussen die twee genoemde benaderings.

Daarna word daar gekyk na die spreiding en die gedrag van eindkonsonante in Afrikaans ten einde 'n finale rympatroon vir Afrikaans vas te stel, wat ook nodig is vir die interpretasie en beskrywing van die data, en 'n vergelyking tussen die lineêre en non-lineêre benaderings.

In Hoofstuk 6 word die empiriese ondersoek behandel. Hier word 'n aantal hipoteses gestel en aan die hand van versamelde data getoets. Die proefpersone en meetinstrumente word behandel, en gegewe resultate word in die lig van die gestelde hipoteses geïnterpreteer.

In Hoofstuk 7 sal Trommelen (1983) se aanspraak geëvalueer word, en sal daar aangetoon word of haar aanspraak universeel toepasbaar is of nie, met ander woorde, die vraag of haar aanspraak ook vir Afrikaans steekhou sal dan beantwoord kan word.

2

METRIESE FONOLOGIE

Alhoewel die metriese fonologie, ook bekend as die hiërargiese, of non-lineêre fonologie, tot redelik onlangs toe nie veel aftrek gekry het by fonoloë nie, is so 'n benadering reeds in 1955 deur Hockett in sy boek *A Manual of Phonology* bepleit.

Latere navorsers toon aan dat verskeie fonologiese verskynsels soos byvoorbeeld klemplasing (vergelyk Selkirk (1982), Liberman en Prince (1977)), en morfonologiese verskynsels soos die voorspelling van verkleiningsuitgange (vergelyk Trommelen, 1982 & 1983), deur die metriese of non-lineêre benadering op 'n meer ekonomiese en eenvoudiger manier beskryf kan word as in die segmentele of lineêre benadering, soos deur onder andere Chomsky en Halle (1968) in hulle werk *The Sound Pattern of English* voorgestel word.

Die voorstaanders van die metriese fonologie beweer ook dat dié benadering universeel toepasbaar is. Dit is 'n bewering wat belangrike teoretiese implikasies het, en wat later in hierdie studie ondersoek sal word.


2.1 Teoretiese uitgangspunte en konsepte van die metriese fonologie

Op hierdie stadium is dit nodig om 'n duidelike uiteenseting van die metriese fonologie te gee, alvorens dit teenoor die meer bekende segmentele fonologie van onder andere Chomsky en Halle gestel kan word.

Aangesien die sillabe, 'n belangrike teoretiese konstruk is in die metriese teorie, en ook vir die keuse van die verkleiningsvorm wat in Hoofstuk 6 van hierdie studie ter sprake kom, is 'n uiteensetting van die hiërargiese

bou van die sillabe noodsaaklik. Die struktuur van die sillabe word voorlopig na aanleiding van Selkirk (1982) soos volg gegee:

(1)



(Selkirk,1982:338)

Vergelyk ook Lubbe (1985) vir 'n bespreking van die sillabe in Afrikaans binne die non-lineêre benadering, en Combrink en De Stadler (1987) vir 'n bespreking binne die lineêre benadering.


Die sillabe word eerstens verdeel in twee dele, die aanset en die rym, waarvan die rym vir die meeste bewerkinge, soos onder andere die voorspelling van verkleiningsvorme in Nederlands (Trommelen, 1983), wat ook die onderwerp van hierdie studie is, die belangrikste is.

Die rym moet gesien word as die deel van die sillabe wat al die segmente bevat behalwe die aanvangskonsonant(e) van die sillabe, dus die gedeelte V K uit die sillabe met die struktuur K V K.

Die non-lineêre benadering beweer dat inligting oor segmente vanuit die sillabe op die lineêre reeks segmente gesuperponeer word. Hierdie gesuperponeerde inligting het dan 'n hiërargiese struktuur. Segmente word saamgevoeg in sillabes, sillabes in voete, en voete in fonologiese woorde (vergelyk Trommelen,1983:70).

Skematies dus:

(2)




Sulke bome is altyd binêr vertakkend en vertoon 'n binêre sterktehiërargie tussen **sterk** en **swak** - vergelyk die skematiese voorbeeld hierbo waar *s* = sterk en *w* = swak.

Die rigting waarin die bome vertak, na links of regs, en die markering van knooppunte as sterk of swak berus op taalspesifieke aannames (Trommelen, 1983:70).

Die sillabe het dan self 'n hiërargiese struktuur wat binêr vertakkend is. Eerstens, en dié vertakking kan as universeel gesien word, is die vertakking tussen die aanset en die rym, wat as twee aparte komponente gesien moet word.

Op hierdie stadium kan die sillabe skematies soos volg voorgestel word:


(3)



Die verdeling word bepaal deur verskele taalspesifieke beperkinge wat die groepering noodsaak. "It is important to note that the onset and rime are separate constituents and must, therefore, be treated separately. They are subject to essentially different restrictions. There is no interaction between restrictions on the rime and those on the onset" (Trommelen, 1983:71). Om die bogenoemde rede blyk dit nie nodig te wees om die *aanset* verder te bespreek nie, aangesien dit volgens Trommelen geen invloed uitoefen op die keuse van verkleinings(en meervouds-)vorme, waaroor hierdie studie hoofsaaklik handel, nie. Alhoewel die *aanset* reeds deur Lubbe (1985) bespreek is, word dit egter op hierdie punt in die studie weer behandel aangesien die koda hier as spieëlbeeld van die aanset gesien word. (Vergelyk ook Combrink en de Stadler, 1987; Booij, 1981; Fromkin, Rodman en Neijt, 1986; en Wissing, 1982).


Daar word 'n onderskeid getref tussen sogenaamde 'swaar' en 'ligte' sillabes. *Swaar* sillabes is dié waarvan die rym vertak, dus

(4)



en *ligte* sillabes is dié waarvan die rym nie vertak nie, skematies dus,


(5)



Die swaar rym word verder verdeel in twee dele, die piek en die koda.

Skematies:

(6)



Fonologiese segmente kan nie lukraak enige posisie binne die sillabiese raamwerk inneem nie. Die metriese fonologie, in samewerking met die universele sonoriteitshiërargie, soos uiteengesit in Kiparsky (1979), bevat voorstelle vir die hiërargiese organisering van elemente laer as die bogenoemde twee vlakke. Die sonoriteitshiërargie rangskik segmente op 'n skaal van meer sonorant na minder sonorant, en kan skematies soos volg voorgestel word:

(7)

Minder sonorant ⟷ Meer sonorant

Sluitklanke, frikatiewe, nasale, l, r, w, y, u, i, o, e, a

(Kiparsky, 1979:432)

Die knooppunt van die sillabiese struktuur of patroon word gemerk as *s* of *w*, waar *s* staan vir sterk, en *w* vir swak (vergelyk (2)). Die markering van knooppunte as *s* of *w* word dan bepaal deur die definiëring van die verhouding tussen hulle.

'n Noodsaaklike voorwaarde vir welgevormde metriese bome is dat van twee sustersknope die een altyd as *s* gemerk word en die ander een as *w*, en dat die bome altyd binêr vertak. In Nederlands, byvoorbeeld, sal, waat die rym betref, die markering *s - w* wees, (dus van links na regs) by inheemse simplekse woorde, en *w - s* by ultheemse woorde. In die geval van gelede woorde sal die markering van die stam *s - w*, van links na regs wees, en dié van die suffiks-gedeelte *w - s*, dus van regs na links. (Trommelen, 1983:74) (vergelyk ook Fromkin, Rodman en Neijt, 1987; en Booij, 1981).


Om te kyk na die formele struktuur van die rym, waardeur daar dan ook fonologiese substansie aan die rym gegee word, word in die hieropvolgende gedeelte gerieflikheidshalwe eers die Nederlandse rym se formele struktuur gebruik soos uiteengesit in Trommelen (1983:83 e.v.).

Soos reeds in die voorafgaande gedeelte aangetoon, word die rym opgedeel in 'n piek en 'n koda.

Volgens die bestaande literatuur blyk dit dat die sillabepiek altyd, dus universeel, geassosieer word met 'n vokaal of vokale, en die koda met 'n konsonant of konsonante.

Dit gee die volgende voorlopige weergawe:


(8)



(p.83)


As daar na 'n paar voorbeelde uit Nederlands gekyk word, blyk dit dat daar 'n verdere hiërargiese verdeling gemaak kan word.

(9)



z	e	e	m	
d	u	u	r	
bez	-	∂	m	(p.83)

(10)




k	e	r	k	
k	a	n	t	(p.84)

Volgens dié voorbeelde blyk dit dat die tweede helfte van lang vokale en diftonge asook schwa aan die piek toegeken word, terwyl sonorante konsonante aan die koda toegeken word. (Die 'dubbele' vokaal en veral die "swewende" tweede gedeelte in die bogenoemde voorbeelde sal later beargumenteer word).

Die sillabepatroon moet effens aangepas word om die 'swewende' sonorant te akkommodeer as:

(11)



(p.84)
(vgl. voorb. 36)

'n Universele interpretasiemeganisme sal dit dan (afhangende van die karakter van die sonorante segment) óf na links by die piek, óf na regs by die koda aanheg.

2.2 Die "swewende" sonorant

Die bewyse vir die 'swewende' sonorant kom volgens Trommelen (1983:81) van sekere generalisasies oor die gedrag van

i) schwa;

ii) lang vokale en diftonge;

iii) kort vokaal-en-sonorantkombinasies.


Daar word nie nou daarop ingegaan nie, aangesien dit meer van belang is vir die interpretasie van die Nederlandse data.

Die rym hoef egter nie noodwendig op 'n konsonant te eindig nie, soos gesien kan word uit die volgende Nederlandse data:

zee
trui
vete.

Hieruit kan dus afgelei word dat die koda opsioneel is, terwyl die piek verpligtend bly. Die patroon van die rym word aangepas deur die koda as opsioneel aan te dui:

(12)




(p.83)

Dit moet ook genoem word dat die 'swewende' sonorant, [+son], soms deur 'n segment en soms deur ø (nul) gevul word.


'n Woord soos 'kip' sal weergegee word as:

(13)



eerder as

(14)



op grond van die sonoriteitsterktehiërargie wat eerder 'n regsvertakkende rym-patroon sal bepaal.


Om die probleem te ondervang van viersegmentele rympatrone in byvoorbeeld die Nederlandse woorde

maand - Mv. maan-den
beeld - Mv. beel-den ens.,

waar die dentale obstruent /d/ in die enkelvoud deel uitmaak van die einde van die sillabe, maar in die meervoud deel is van die aanset van die volgende sillabe, word 'n aparte ekstrametriese komponent, die *appendiks* ingevoer (Trommelen, 1983:87).

Die hiërargiese patroon van 'n woord soos maand sal dan soos volg daar uitsien:

(15)



(p. 89)

Die basiese patroon van die rym moet dus vir elke taal afsonderlik aangepas word binne die perke wat toegelaat word deur die universele grammatika.

2.3 Interne en woordeindrym

Probleme ontstaan wanneer 'n interne sillabe se bou uiteengesit word aangesien daar meer beperkinge op die interne rym geplaas word. Daar sal dus twee rympatrone vir elke taal vasgestel moet word, een vir die interne rym, en een vir die woordeindrym (Trommelen, 1983:102).

As daar gekyk word na samestellings met 'n lineêre patroon

(16) C V C_a C_b V C

S_2 S_1

ontstaan die vraag by watter sillabe die C_a C_b konsonant(e) hoort. Kan C_a C_b gesien word as die koda van S_2, dus

C V C_a C_b - V C

of as die aanset van S_1, dus

C V - C_a C_b V C

of C_a as die koda van S_2 en C_b as die aanset van S_1 dus:

C V C_a - C_b V C (Trommelen, 1983:102)

Die reeds voorgestelde rympatroon tesame met 'n patroon vir moontlike aansette behoort die regte verdeling te voorspel.

Die interne rym het meer beperkinge as die woordeindrym, dus sal daar sekere aanpassings gemaak moet word (Trommelen, 1983:102).


Die aanset van die sillabe is 'n opsionele deel in die Nederlandse sillabe, byvoorbeeld in woorde soos *os, effen, adem* ensovoort, wat met 'n vokaal begin is dit natuurlik afwesig.

Alhoewel dit in hierdie studie om die rym van die sillabe gaan, is dit tog nodig om die aanset vlugtig te bespreek, aangesien dit later in Hoofstuk 5 by die bespreking betrek word.

Daar is verder sekere taalspesifieke beperkinge op die aanset soos byvoorbeeld vir Nederlands die feit dat die aanset nie uit twee opeenvolgende obstruente kan bestaan nie tensy die eerste lid /s/ is (Trommelen, 1983:106), of ook nie uit twee opeenvolgende sonorante nie. Daar moet dus sekere taalspesifieke filters ingevoeg word om die beperking toe te pas, deur die ongewenste segmente te keer.

'n Filter vir die bogenoemde stelling vir Nederlands sal wees:

(17)



(Trommelen, 1983:106)


wat dan sal keer dat twee [-son]-segmente of twee [+son]-segmente in die aanset op mekaar volg.

Uitsonderings sal spesifiek gemerk moet word.

Byvoorbeeld, in Nederlands volg likwiede nie na koronale segmente nie, byvoorbeeld *tl-*, *dl-* ensovoort behalwe *sl-* soos in byvoorbeeld *schlager*.

Die *sl-* konfigurasie sal spesifiek gemerk moet word as 'n uitsondering op die filter:

(18)




(Trommelen, 1983:107)

Die segment /s/ word op grond van sy optrede in verskele omgewings in die taal as 'ekstrametries' gemerk, en sal dan nie deur die filter geraak word nie.

Die samevoeging van die universele sonoriteitshiërargie, 'n aantal taalspesifieke filters en die begrip ekstrametrisiteit, sal dan in samewerking met die sillabepatroon 'n groot verskeidenheid data in die taal verklaar of verduidelik.

Opsommend sal die struktuur van die sillabe in die metriese fonologie soos volg lyk:


(19)



[-kons] [+son] ([+kons])

Indien die aanset wel gevul word:

(20)



Verder word daar gebruik gemaak van 'n aantal taalspesifieke filters en die begrip ekstrametrisiteit, waardeur sekere segmente as gevolg van verdere taalspesifieke beperkings geblokkeer word vir die werking van die filters, en die invoering van 'n verdere buite-sillabiese element, die appendiks.

Vergelyk ook Lubbe (1985) vir die taalspesifieke filters vir Afrikaans. Lubbe se uiteensetting word later in Hoofstuk 5 uitvoeriger bespreek.

3

TROMMELEN SE BESKRYWING VAN NEDERLANDSE VERKLEININGSUITGANGE BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE METRIESE FONOLOGIE

Trommelen se beskrywing word kortliks toegelig as agtergrond vir die beskrywing van die Afrikaanse vorme wat later in die studie behandel word.

Trommelen (1982 & 1983) se studie van verkleiningsuitgange in Nederlands is gebaseer op die bestaande lineêre benadering of model, en heelwat van die aannames in haar bespreking word vir die doel van hierdie vergelykende studie as vanselfsprekend aanvaar.

Die Nederlandse verkleiningsmorfeem het vyf verskillende allomorfe, naamlik: *-tje, -etje, -kje, -pje* en *-je*, en die voorkoms van elk van die allomorfe hang af van sekere eienskappe van die stam.

Die motivering vir die aanvaarding van die verskillende verkleiningsuitgange as allomorfe van dieselfde morfeem, vind Trommelen in die feit dat die verskillende verkleinwoorde, ongeag watter allomorf gebruik word, dieselfde keuse uitoefen ten opsigte van die gebruik van die twee lidwoorde *de* en *het*, en die meervoudsvorme *-en* en *-s*.

(21)

	Dim.	Mv.
de pan	het pannetje	pannetje-s
de baan	het baantje	baantje-s
de koning	het koninkje	koninkje-s
het raam	het raampje	raampje-s
het hok	het hokje	hokje-s

Volgens die bestaande literatuur bepaal verskillende faktore die keuse van die verkleiningsuitgange, naamlik:

i) die kenmerk 'resonant' by konsonante

ii) die opposisie tussen 'lang' en 'kort' vokale

iii) die kenmerk 'aksent'of klemtoon

iv) die morfologiese bou van die stam. (Trommelen, 1983:4)

Trommelen beweer dat geen van hierdie faktore 'n belangrike rol speel by die voorspelling van die keuse van die verkleiningsuitgange nie, maar dat die hiërargiese fonologiese bou van die laaste gedeelte van die stam, die rym van die laaste sillabe van die naamwoord alleen die regte keuse kan voorspel (Trommelen, 1983:4).

As gevolg van die verskeidenheid in Nederlandse verkleiningsuitgange sal dit nodig wees om eers die wye verskeidenheid data in verskillende klasse of tipes te rangskik.

Trommelen (1983:8) bied die tradisionele rangskikking soos volg aan: (Slegs enkele van die voorbeelde wat deur Trommelen genoem word, en wat vir die res van die studie van belang is, word hier aangehaal.)

(22)

a) *-tje* na finale *-n, -l, -r* voorafgegaan deur 'n lang vokaal

maan-tje
keel-tje
boer-tje

b) *-etje* na *-m, -n, -ŋ, -r, -l* voorafgegaan deur 'n kort beklemtoonde vokaal

kam-metje
kan-netje
tong-etje
kar-retje
bal-letje

c) *-pje* na *-m* voorafgegaan deur 'n lang vokaal, diftong of schwa

oom-pje
duim-pje
bodem-pje

d) *-kje*

koning-kje
houding-kje (Trommelen, 1983:8)

Indien *-tje* as die basiese vorm aanvaar word, kan die data in (22) soos volg opgesom word:

(23) -tje --> -etje na m,n,ŋ,r,l, wat volg op kort vokale
--> -pje na m
--> -kje na ŋ
--> -tje na obstruente. (Trommelen, 1983:9)

Volgens Trommelen (1983) se aanhaling uit Haverkamp-Lubbers en Kooij (1971) kan dié reëlmaat deur die volgende reëls in 'n lineêre raamwerk, wee gegee word:

(24) Die /∂/-invoegingsreël:

$$\emptyset \rightarrow \partial \,/\, \begin{bmatrix} V \\ -\text{gespan} \\ +\text{klem} \end{bmatrix} \begin{bmatrix} +\text{son} \\ +\text{kons} \end{bmatrix} \text{——} \text{-tje}$$

(Trommelen, 1983:9)

vir die data in (22)b en

(25) Die /t/-invoegingsreël:

$$t \rightarrow \begin{bmatrix} \alpha\text{ant} \\ \beta\text{kor} \end{bmatrix} / \begin{bmatrix} +\text{son} \\ -\text{vok} \\ +\text{kons} \\ \alpha\text{ant} \\ \beta\text{kor} \end{bmatrix} \text{——} \text{-je}$$

(Trommelen, 1983:10)

vir die data in (22)c en d

asook 'n /t/-skrappingsreël:

(26) $t \rightarrow \emptyset \begin{bmatrix} -\text{son} \\ +\text{kons} \end{bmatrix}$ ——— -je

(Trommelen, 1983:10)

Die reëls sal spesifiek georden moet word om byvoorbeeld te verhoed dat 'n vorm soos **kam-pje*, eerder as *kam-metje* gegenereer word.

Die verantwoording vir die keuse van die verkleiningsuitgang sal in 'n latere hoofstuk bespreek word wanneer die benadering van die T.G. tot die probleem van nader beskou word.

Trommelen verwerk dieselfde data wat voorheen in 'n T.G.-raamwerk gebruik is in 'n non-linêere metriese fonologiese raamwerk, en stel dit dat die laaste sillabe van die stam, of meer spesifiek, die laaste rym, alleen bepalend is vir die keuse van die verkleiningsuitgang, sonder inagneming van faktore soos onder andere aksent.

Soos reeds in Hoofstuk 2 uiteengesit, bestaan die rym uit dié gedeelte van die sillabe wat volg op die aanvangskonsonant(e) van die sillabe. Indien die struktuur van die sillabe K V K is, sal die rym bestaan uit die gedeelte V K.

Trommelen begin haar bespreking van die Nederlandse finale sillabe deur die opstel van 'n inventaris van moontlikhede in die struktuur van die sillabe in Nederlands (vergelyk Trommelen, 1983: 60-62).

Die genoemde inventaris toon die moontlike konsonante of konsonantklusters in die finale sillabe in Nederlands. Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat die rym ook konsonantloos kan wees. Daar word egter nie nou verder daarop ingegaan nie, aangesien daar in die empiriese gedeelte slegs ingegaan word op woorde wat op sonorante konsonante eindig.

Die volgende gevolgtrekkings kan uit Trommelen (1983:60 e.v.) se inventaris van die spreiding van Nederlandse konsonante gemaak word:

i) konsonantklusters bestaande uit vier konsonante is uiters skaars. Byvoorbeeld Nederlands *vondst, herfst* en *ernst*.

ii) konsonantklusters bestaande uit drie konsonante het 'n nasaal, of 'n likwied, of /k/ as eerste lid. Trommelen beskou die klusters met /k/ as eerste lid naamlik, *tekst, akst,* asook met /x/ naamlik, *oogst*, ensovoort as uitsonderings, wat haar dan in staat stel om die volgende voorlopige lineêre ordening te gee:

(27) $[+son] \quad (?) \quad \begin{bmatrix} -son \\ +kor \end{bmatrix}$ (p.63)

iii) konsonantklusters met twee lede is baie algemeen, en kan bestaan uit twee sonorante, twee obstruente, of 'n kombinasie van sonorant en obstruent. Indien die kluster uit twee obstruente bestaan, is die tweede lid altyd 'n dentale konsonant, behalwe in geval van die klusters /-sp/ en /-sk/, wat Trommelen dan ook merk as uitsonderings.

Die Nederlandse vokale:

Trommelen (1983:64 e.v.) gee 'n beskrywing van die Nederlandse vokale, en maak dan die volgende aanmerkings oor hulle optrede (vergelyk ook Fromkin, Rodman en Neijt, 1986):

i) Lang vokale en diftonge word gesien as 'n opeenvolging van twee kort vokale, dus, VV.

ii) Schwa [∂] word gesien as 'n lang vokaal, of dan 'n tweeledige of bimoriese vokaal. Hierdie siening van Trommelen kom weer later in hierdie studie ter sprake.

Die aannames in (i) en (ii) hierbo word gemaak op die volgende gronde:

a) Lang vokale kan nie gevolg word deur 'n konsonantkluster wat 'n sonorant en 'n nie-koronale obstruent bevat nie:

lamp	*laamp
kerk	*keerk
zorg	*zoorg

maar wel,

mand	maand	
hart	haard	(Trommelen, 1983:68)

Schwa vertoon dieselfde beperkinge:

arend	*aremp	
wereld	*werelf	
elders	*elderg	(Trommelen, 1983:19)

b) Lang vokale word nie gevolg deur 'n kluster van twee sonorante konsonante nie, maar kort vokale wel. (Trommelen, 1983:66) noem dit dat die vorme *deern* en *hoorn* deel uitmaak van 'n klein aantal uitsonderings).

storm	*stoorm
palm	*paalm

Schwa vertoon dieselfde beperking

*...erm
*...elm

c) Lang vokale kom vry algemeen voor aan die einde van 'n woord in Nederlands, so ook schwa, terwyl dit nie die geval met kort vokale is nie.

*mica	micaa	Mieke	
*tuba	tubaa	tube	
*alpino	alpinoo	alpine	(Trommelen, 1983:20)

d) Die toevoeging van /-d/ na die vergelykende suffiks /-er/ na /-r/ aan die einde van adjektiewe kom vry algemeen voor en is verpligtend by lang vokale en schwa, maar opsioneel by kort vokale. (Trommelen, 1983:20).

duur-der seker-der
raar-der dor-(d)er

e) As daar na 'n paar verkleiningsuitgange met schwa gekyk word, blyk dit dat stamme met schwa deurgaans dieselfde verkleiningsuitgange neem as stamme met lang vokale.

pyamaa-tje antenne-tje
maand-je arend-je

Trommelen (1983:21) beweer dan dat uit die bogenoemde spreidingspatrone, en die gedrag van schwa, dit duidelik af te lei is dat schwa gesien moet word as 'n lang vokaal.

Trommelen (1983:66) voer as verdere argument vir die aanvaarding van schwa as 'n lang vokaal die feit aan dat schwa nooit klem dra nie. In Nederlands, volgens Trommelen, dra die linkerkantste deel of eerste gedeelte van tweedelige/bimoriese strukture die klem.

Schwa kan as tweedelige struktuur soos volg voorgestel word:

(28)

[-kons]

dus, met die eerste gedeelte leeg, wat dan geen klem kan dra nie, teenoor lang vokale en diftonge wat weergegee word as:

(29)

[-kons][-kons]

en dus die klem op die eerste gedeelte dra en kort vokale wat weergegee word as:

(30)

[-kons].

Al die Nederlandse vokale kan dan in 'n algemene patroon inpas soos weergegee in die volgende voorbeelde: (Trommelen, 1983:67)

(31)

	[-kons]	[-kons]			
	k	ɪ		p	kort vokale
	k	a		t	
	h	o	o	fd	lang vokale
	f	e	e	st	
	p	a	u	s	diftonge
	acc	ɪ	ɪ	ns	
	bez	-	ə	m	schwa.
	tub	-	ə		

Indien die lineêre ordening van vokale en konsonante soos in die voorafgaande voorbeeld saamgevoeg word, kan ons die volgende lineêre ordening voorstel wat die bogenoemde data (behalwe die genoemde uitsonderings) dek:

(32)

[-kons]	[+son]	[+kons]	[-son, +kor]	
k	u	n	s	t
	e	r	t	s
h	e	ŋ	s	t

} [+son] is 'n konsonant

k	e	e	t	
p	a	u	s	
bez	-	ə	m	

} [+son] is 'n vokaal

(Trommelen, 1983:68)


Uit dié skematiese voorstelling en voorbeelde hierbo kan afgelei word dat lang vokale deur 'n konsonantkluster van hoogstens twee konsonante gevolg kan word, waarvan die laaste lid 'n dentale konsonant is.

Dié lineêre voorstelling van die Nederlandse vokaal-konsonantkombinasies word verder deur Trommelen in 'n nie-lineêre of metriese raamwerk 'vertaal'.

3.1 Die Nederlandse rym en verkleiningsuitgange

Trommelen (1983) voer aan dat die verkleiningsuitgange in Nederlands binne die raamwerk van die formele struktuur van die Nederlandse rympatroon, wat soos volg weergegee kan word, voorspel kan word.

(33)



(Trommelen, 1983:84)

Die "swewende" sonorant van die Nederlandse rympatroon kan nou verder gemotiveer en verduidelik word.

3.2 Die "swewende" sonorant

Die "swewende" sonorant sal volgens 'n universele interpretasiemeganisme soos volg gelees word:

> *'n [+son] segment wat met die piek geassosieer word, is 'n vokaal, en 'n [+son] segment wat met die koda geassosieer word is 'n konsonant.*

Die motivering vir die "swewende" sonorant kom volgens Trommelen (1983:81) van Kiparsky (1977:229) se alternatiewe groepering van die hiërargiese voetstruktuur by Engelse metrum, asook sekere generalisasies wat van die gedrag van

i) schwa
ii) lang vokale en diftonge, en
iii) kort vokaal- en sonorantkombinasies.

afgelei kan word.

As daar na die volgende data gekyk word, blyk dit dat stamme wat eindig op *-b* en *-f* nie voorafgegaan kan word deur schwa, of 'n lang vokaal of diftong, of 'n kort vokaal- en sonorantkombinasie nie, maar slegs deur 'n kort vokaal.

(34) kwab
rib
schub

*...uub#	maar wel	tu-ba
*...eib#		el-ber
*...oob#		ko-balt
*...erb#		Ber-ber
*...alb#		Al-batros
*...omb#		com-bo
*....∂b#		d∂-bat

Die volgende beperking kan dan ingevoer word, nl.:

(35)



(Trommelen, 1983:82)

Volgens die rympatroon vir Nederlands kan -b slegs in die derde posisie staan wanneer die twee voorafgaande posisies gevul is deur 'n [-kons] en 'n [+son] element.


Dié bewering word verder versterk deur die optrede van:

i) konsonantlose ryme;
ii) kort vokale gevolg deur een [+son]-konsonant;
iii) kort vokale gevolg deur 'n obstruent, en
iv) viersegmentele ryme.

Die koda word dan gespesifiseer as opsioneel. Daar is reeds aangetoon dat die "swewende" sonorant deel kan uitmaak van óf die piek óf die koda.

Indien 'n kort vokaal gevolg word deur 'n [+son]-konsonant, behoort die [+son]-element tot die koda, aangesien die kort vokaal, anders as lang vokale, diftonge en schwa, nie tweedelig is nie, en daarom net die gleuf [-kons] vul.

(36)




(Trommelen, 1983:84)

Indien kort vokale gevolg word deur 'n obstruent, kan die [+son]- element nie deel uitmaak van die piek nie, aangesien 'n kort vokaal eendelig is. 'n Nul-element word dan ingevoer in die [+son]-gleuf in die koda.

Die invoering van die ø-element word deur Trommelen gemotiveer op grond van die universele sonoriteitshiërargie waarvolgens 'n obstruent nie direk volg op 'n klank met 'n hoë sonoriteit nie.

(37)



(Trommelen, 1983:84)

By ryme met vier segmente in Nederlands is die laaste segment altyd 'n dentale obstruent. Die dentale obstruent kan ook slegs aan die einde van 'n woord voorkom, anders sou dit deel uitmaak van die volgende rym.

Trommelen (1983:87) voer die begrip *appendiks* in om rekenskap te gee van die dentale obstruent, aangesien dit slegs aan die einde van die stam as deel van die laaste rym kan voorkom (vergelyk ook voorb. 15).

Trommelen (1983:90) beweer dat die Nederlandse verkleiningsmorfeme binne die raamwerk van die bogenoemde rympatroon voorspel kan word. Dit is dus volgens haar 'n lokale proses, wat beteken dat fonologiese inligting soos byvoorbeeld klem nie nodig is nie (vergelyk ook die ander faktore genoem op p.22). Die keuse van die verkleiningsuitgang hang dan net af van die struktuur van die laaste rym wat die uitgang voorafgaan.

Fonologiese inligting word tot die minimum beperk, en wel net tot die optrede van nasale aan die einde van die stam.

Soos reeds aan die begin van hierdie hoofstuk gesê, word *-tje* aanvaar as die basisverkleiningsvorm.

As daar weer gekyk word na van die vooraf aangedulde data, naamlik:

(38) a. -etje

zon-netje
model-letje
tong-etje
sering-etje

b. -pje

duim-pje
bezem-pje
harem-pje
album-pje
arm-pje

c. -kje

kon-ing-kje
pal-ing-kje
houd-ing-kje

d. -je

hok-je
mees-je
bongerd-je

e. -tje in die oorblywende

zee-tje
kamer-tje
peul-tje
peen-tje

(Trommelen, 1983:90)

kan die verkleiningsuitgange voorspel word op grond van die struktuur van die laaste rym.


In 38(a) word die uitgang *-etje* gebruik. Dié uitgang word, soos uit die voorbeelde afgelei kan word, voorafgegaan deur 'n [+son]-konsonant

wat volg op 'n enkele vokaal. Hierdie studie sal beperk word tot die optrede van [+son]-konsonante.

As daar gekyk word na die struktuur van die Nederlandse finale rym, kan die volgende reël opgestel word.

(39) DIM

-tje ---> etje




(Trommelen, 1983:91)

Die knooppunte 1 en 2 sal nie verder vertak nie, aangesien dit volgens die basiese rympatroon sal uitloop op [-kons] en [+son].

Dit word daarom dan onnodig om aan te toon dat die uitgang *-etje* voorafgegaan word deur 'n enkele vokaal gevolg deur 'n [+son]- konsonant aan die einde van die stam.

Die voorbeelde in 38(a) sal dan soos volg daar uitsien:

(40)



(Trommelen, 1983:91)

In 38(b) word die uitgang *-pje* gebruik, en kom in die volgende omgewings voor, naamlik:


(i). na -m voorafgegaan deur óf 'n lang vokaal, óf 'n diftong;

(ii). na -m voorafgegaan deur 'n kluster bestaande uit 'n kort vokaal plus 'n [+son]-konsonant;

(iii). na -m voorafgegaan deur schwa.

Dié data sal dan deur die volgende rympatrone ondervang kan word.

(41)




(Trommelen, 1983:92)

(42)



(Trommelen, 1983:92)


(43)



(Trommelen, 1983:92)

Volgens die basiese Nederlandse rympatroon met die "swewende" sonorant kan dié drie patrone in een saamgevat word, naamlik:


(44)



Die reël vir die verkleiningsuitgang *-pje* sal dan wees:

(45) DIM

-tje ---> -pje




(Trommelen, 1983:92)

In 38(c) word die uitgang *-kje* gebruik, en kom voor in die omgewing waar *-ŋ* voorafgegaan word deur schwa.

Volgens die basiese rympatroon kan die data in die volgende struktuur ondervang word:


(46)



(Trommelen, 1983:93)

Die reël lyk baie dieselfde as reël (45) en kan daarmee saamgevat word in een reël:

(47)



(Trommelen, 1983:93)

Sekere beperkings word gestel op die toepassing van die bogenoemde reël. Trommelen (1983:93) sluit egter die beperkings hier uit deur te sê:

> "The morphologically conditioned morpheme is the target [dus van die beperking], and the phonological restrictions apply to the environment."

Daar bestaan dus 'n verband tussen die nasale -m en *-ŋ*, aan die einde van die stam en die aanvangskonsonant van die uitgang.

Die keuse van die uitgang is dus fonologies gekondisioneer, aangesien die nasaal assimileer tot die ooreenstemmende obstruent van die verkleiningsuitgang.

Trommelen (1983:93-94) toon later aan dat ook dié fonologiese gegewens wat te make het met die assimilasie van nasale, onnodig is by die keuse van die uitgang.

In 38 (d) en (e) word die uitgange *-je* en *-tje* gebruik. Aangesien *-tje* as die basiese vorm aanvaar word, word dit aanvaar dat dié vorm in die leksikon opgeneem word.

Die vorms met die uitgang *-je* word verkry deur die toepassing van die t-skrappingsreël, 'n fonologiese reël wat reeds op onafhanklike gronde in die Nederlandse grammatika gemotiveer is, en wat dan die *-t* skrap voor obstruente.

'n Aantal uitsonderings kom egter voor, soos:

(48)

i). wandeling, Hilversum,
ii). wigwam, sarong, serval, python,
iii). traktor, motor,


waar die voorbeelde in 48(i) die verkleiningsuitgang *-etje* neem in plaas van die verwagte *-tje*,
dié in 48(ii) beide *-etje* en *-tje* toelaat en
dié in 48(iii) *-tje* neem in plaas van die verwagte *-etje*.

Vir die doel van hierdie studie word daar slegs aandag gegee aan voorbeelde van die tipe 48(ii) en 48(iii).

Die data in 48(ii) eindig op 'n enkele vokaal gevolg deur 'n [+son]-konsonant en sal dus deur reël (39) die uitgang *-etje* toegeken word.

Aangesien die data die uitgange *-pje* en *-kje* ook toelaat, sal 'n ad hoc koda-vertakkingskenmerk [+F] ingevoer moet word wat opsioneel is, en dan die keuse toelaat, naamlik die kodavertakkingsreël:

(49)



[opsioneel vir [+F]-vorme]

(Trommelen, 1983:95)

Reël (49) is nodig om die data in 48(ii), volgens Trommelen (1983:151) vorme met 'n onbeklemtoonde finalle sillabe, asook vorme in 48(iii) wat almal polisillabiese naamwoorde is wat op 'n kort vokaal gevolg deur /-r/ eindig, te hanteer.


Dié gegewens sal gemerk moet word sodat alle polisillabiese vorme wat uitgaan op /-r/ verplig word om reël (49) te ondergaan.

Die voorspelling van die Nederlandse verkleiningsuitgange binne die raamwerk van die metriese fonologie kom volgens Trommelen (1983:96) op die volgende neer:

I). Reëls wat die konstruksie van die rym bepaal,

Byvoorbeeld Kodavertakking.

(50)




a) Opsioneel vir [+F] vorme
b) Verpligtend vir pollisilabiese vorme waar 2 = r

II). Morfofonemiese reëls:

(51)


a)

DIM ---> -etje
tje



b)

DIM ---> | pje |
tje | kje |




iii). Fonologiese reëls:

Byvoorbeeld: a) Schwa-skrapping.
b) t-Skrapping

en die Nederlandse rympatroon.

(52)



In Hoofstuk 4 sal vervolgens gekyk word na die voorspelling van verkleiningsvorme binne die raamwerk van die lineêre benadering van die klassieke TG ten einde 'n vergelykingsbasis te kry vir die empiriese ondersoek in Hoofstuk 6.

4

AFRIKAANSE VERKLEININGSVORMING BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE TRANSFORMASIONEEL GENERATIEWE FONOLOGIE

Daar is die afgelope tyd al heelwat aandag gegee aan verkleiningsvorming in Afrikaans.

Aangesien dit die doel met hierdie hoofstuk is om slegs 'n verwysingsraamwerk daar te stel waaruit die TG-fonologie met die metriese fonologie vergelyk kan word, sal hierdie hoofstuk hom hoofsaaklik bepaal by Wissing (1971), waarin verkleiningsvorming in Afrikaans binne 'n TG-raamwerk aanvanklik uiteengesit word.

Verkleiningsvorming word in die pre-transformasioneel- generatiewe literatuur op grond van die struktuur van die woord bestudeer. Pre-transformasioneel-generatiewe studies oor verkleiningsvorming in Afrikaans kan gevind word in die werke van onder andere, Kempen (1940) en De Villiers (1973).

In die TG-raamwerk word verkleiningsvorming ook op grond van die woord bestudeer, maar die reëls word nie in terme van foneme geformuleer nie, maar in terme van die distinktiewe kenmerke van die foneme.

4.1 Afrikaanse verkleiningsvorme

Die Afrikaanse verkleiningsmorfeem het vier allomorfe, nl. /i, pi, iki, ki/. Die verkleiningsmorfeem word gesien as 'n abstrakte gegewe, weergegee deur die abstrakte grammatiese formatief DIM (Wissing, 1971:81-82).

Deur die kenmerkbundels van al die slotfoneme van simplekse in aanmerking te neem, dit wil sê die bundels distinktiewe kenmerke waaruit elke foneem bestaan, kan die verkleiningsuitgange van Afrikaans voorspel word.

Voordat 'n verkleiningsreël egter toegepas kan word, is daar 'n aantal fonologiese reëls wat eers op die onderliggende weergawe toegepas moet word om die invoer vir die verkleiningsreël voor te berei. Die rede hiervoor is dat verskeie ander fonologiese gegewens binne die raamwerk van die TG 'n invloed uitoefen op die keuse van die verkleiningsuitgang wat die stam neem.

Die fonologiese reëls wat dus voor die verkleiningsreël geordeen moet word is die volgende, soos beskryf in Wissing (1971):

a) die klemtoonreëls;

b) die /ə/-invoegingsreël;

c) die ontstemmingsreël;

d) die /t/-weglatingsreël;


e) die /r/-spanningsreël.

Met inagneming van die bogenoemde stel fonologiese reëls kan daar nou gekyk word na die opstelling van 'n reël vir die voorspelling van verkleiningsuitgange in Afrikaans.


Die bogenoemde reëls wat voor die verkleiningsreël geordeen is, sal op die onderliggende vorme werk, soos byvoorbeeld die ontstemmingsreël en die /t/-weglatingsreël wat die vorm gereedmaak vir die toepassing van die verkleiningsreël.

Die volgende reëls kan opgestel word:


(53)



en



en



en




(De Bruto en Wissing, 1974 88-90 ; Wissing, 1971:82)

Die bogenoemde verkleiningsreëls dek al die simplekse naamwoorde in Afrikaans behalwe dié met die verkleiningsuitgang /kl/ .

Die /kl/-verkleiningsuitgang word die "elders-vorm" genoem en alle woorde wat nie een van die ander verkleiningsuitgange deur die reël toegeken word nie sal dan die uitgang /kl/ neem.

Die voorafgaande verkleiningsreëls kan nou in een samegestelde reël saamgevat word wat al vier die verkleiningsuitgange, naamlik /i/, /pi/, /iki/ en /ki/, sal verantwoord:

(54)



(Wissing, 1971:86)

Die bogenoemde saamgestelde reël sal die volgende verkleiningsvorme toeken:

Reël (i)

kop	koppie
oog	oogie
kas	kassie
hertog	hertogie

Reël (ii)

oom	oompie
raam	raampie
liggaam	liggaampie
sisteem	sisteempie

Reël (iii)

besem	besempie
skelm	skelmpie
bantam	bantampie
totem	totempie

Reël (iv)

kam	kammetjie
kolom	kolommetjie
blom	blommetjie
sering	seringetjie

Reël (v)

bord	bordjie
woning	woningkie
deur	deurtjie
skool	skooltjie

Binne die raamwerk van die lineêre benadering van die TG word verkleiningsvorming dus bereël deur verskeie ander fonologiese reëls in aanmerking te neem, om so tot die mees ekonomiese reël te kom.

Ten einde 'n basis te kry vir die vergelyking van die TG se voorspelling van verkleiningsvorme en die voorspelling daarvan deur die metriese fonologie word daar in die volgende hoofstuk eers gekyk na die sillabe in Afrikaans. In 'n latere hoofstuk sal dan aangetoon kan word dat sekere inligting soos byvoorbeeld die posisie van klemplasing wel 'n rol speel by die korrekte en mees ekonomiese keuse van die Afrikaanse verkleiningsvorme.

5

DIE SILLABE

Die doel van hierdie hoofstuk is om binne die raamwerk van die metriese fonologie 'n patroon op te stel van die sillabe aan die hand van Afrikaanse data, en ook om uiteindelik 'n rympatroon vir Afrikaans daar te stel, sodat die Afrikaanse data met die Nederlandse data van Trommelen (1983) vergelyk kan word.

Voordat daar nader gekyk word na Afrikaanse data, is dit nodig om eers 'n oorsig van die term *sillabe* te gee.

Die sillabe is 'n belangrike fonologiese eenheid, en alhoewel daar in die huidige natuurlike generatiewe fonologie wel baie na die sillabe verwys word, is daar nog min pogings aangewend om 'n definisie van die sillabe daar te stel.

Hooper (1972) en (1976) poog dan om 'n definisie van die sillabe as fonologiese eenheid te gee.

Vervolgens word daar eers gekyk na die interne struktuur van die sillabe soos verduidelik in onder andere Hooper (1976). (Vergelyk ook Combrink en de Stadler, 1987; Lubbe, 1985, 1987; Booij, 1981; Landman, 1978; Wissing, 1982).

Die sillabe is 'n fonologiese eenheid wat bestaan uit 'n kern, gewoonlik 'n vokaal met twee grense, wat bestaan uit konsonante.

Die konsonante nader aan die kern van die sillabe bevat gewoonlik *sterker* konsonante as dié verder van die kern. Die begrip *sterkte* van 'n konsonant kan ruweg voorgestel word as die omgekeerde van die graad van

sonoriteit. Die sterktehiërargie van konsonante sal dan die omgekeerde wees van die sonoriteitshiërargie (Hooper, 1976:203).

Skematies dus:

(55)

Minder sterk						Meer sterk
		[+stem]	[-stem]	[+stem]	[-stem]	
Glyers	Likwiede	Nasale				
			Kons.	Kons.	Sluitklanke	Sluitklanke
Meer sonoor						Minder Sonoor

(Hooper, 1976:206)

Die motivering vir die sterktehiërargie kry Hooper (1976:200) uit byvoorbeeld die gedrag van konsonante by assimilasie en aspirasie. Indien 'n /p/ die aanvangskonsonant van die sillabe is, sal dit aspireer.

(56) pin [p^{h}In]
open [owp^{h}ən]

Indien dit voorafgegaan word deur 'n swakker konsonant volgens die sterktehiërargie sal dit nie aspireer nie.

(57) spin [spIn]

Assimilasie vind ook meer geredelik plaas tussen twee konsonante waar die sterker konsonant die begin is van 'n volgende sillabe. Die eindkon-

sonant van die eerste sillabe sal dan die kenmerke oorneem van die beginkonsonant van die volgende sillabe, dus van die sterker konsonant.

Nasaalassimilasie vind byvoorbeeld in Spaans plaas voor die glyers /y/ en /w/, maar slegs as die nasaal die eindkonsonant van die eerste sillabe is en die glyer die aanvang van die daaropvolgende sillabe is.

(58)

un hielo	[unyelo]	'n ys
nieto	[nyeto]	kleinseun
un huevo	[uŋweβo]	'n eier

(Hooper, 1972:525)

Die verlies van 'n konsonant aan die einde van 'n sillabe is ook baie algemeen.

Vergelyk byvoorbeeld die ooreenkoms tussen Latyn en moderne Spaans;

(59)

Latyn	*Spaans*	
septem	siete	sewe
ursum	oso	beer
pulsum	poso	rus

(Hooper, 1976:201)

Uit die gegewens kan afgelei word dat die interne struktuur van die sillabe ruweg soos volg sal lyk.

(60)

Anlaut	Kern	Auslaut

Combrink en de Stadler (1987:172) noem ook dat die relatiewe sonoriteit van Afrikaanse klanksegmente afgelei kan word uit die volgende vereenvoudigde sonoriteitshiërargie:

(61) "Vokale > glyers > nasale > frikatiewe > sluitklanke
likwiede

waar > = meer sonoor as.

Met dié gegewens en uiteensetting van die struktuur van die sillabe kan daar nou verder gegaan word en probeer word om in generatiewe terme 'n definisie vir die sillabe op te stel (vergelyk ook Booij, 1981).

Logieserwys kan dit aanvaar word dat die sillabe voorkom tussen twee sillabegrense, aangedui as $.

Die sillabe sal dan soos volg daar uitsien:

(62) CVC.

'n Reël sal opgestel moet word om die sillabegrens in te voer, ten einde die sillabe te definieer, en daar sal ook vasgestel moet word waar sillabegrense deur die reël in die reeks segmente ingevoeg kan word.

Voorlopig word daar nou 'n oorsig gegee van 'n moontlike reël vir die plasing van sillabegrense, en dus ook vir die definiëring van die sillabe in Spaans. Later sal daar dan gepoog word om vas te stel of dié definiëring ook vir ander tale, byvoorbeeld Afrikaans sal geld.

Dit kan eers informeel gestel word dat sillabegrense, aangedui as $ op die volgende plekke in woorde ingevoeg word naamlik:

(i) tussen twee aangrensende sillabiese segmente:

(ii) voor die nie-sillabiese segment indien daar slegs een nie-sillabiese segment tussen twee sillabiese segmente is:
u$na *een*, o$so, *beer*, pe$ro *maar*;

(iii) voor die obstruent in gevalle waar daar twee of meer nie-sillabiese segmente voorkom, en een is 'n obstruent anders as /s/ en die daaropvolgende segment is 'n likwied;
pa$dre *vader*, si$glo *eeu*;

(iv) voor die eerste van twee nie-sillabiese segmente indien die tweede segment 'n glyklank is:
a$byerto *oop*, a$bwelo *grootvader*;

(v) en tussen die twee nie-sillabiese segmente in alle ander gevalle:
is$la *eiland*, al$to, *hoog*, an$cho *wyd*.

(Hooper, 1972:527)

Die bogenoemde veralgemenings identifiseer nie die sillabe in Spaans ten volle nie. Daar sal ook bepaal moet word waar die sillabegrens(e) kom in reekse waarvan die sintaktiese grense verwyder is. Die voorkoms van sillabegrense in 'n woord verskil soms van hulle voorkoms by sintaktiese grense.

In die algemeen val sillabegrense saam met sintaktiese grense, ongeag die segmente aan weerskante van die sintaktiese grens.

Combrink en de Stadler (1987:161-173) verwys ook na verskeie positiewe en negatiewe voorwaardes wat toelaatbare en ontoelaatbare groeperings in die sillabe aandui.

'n Uitsondering is byvoorbeeld waar segmente soos in (iv) hierbo beskryf, aan weerskante van die sintaktiese grens voorkom. Indien 'n woord ein-

dig op 'n konsonant, likwied of glyer, dus 'n nie-sillabiese segment, en die volgende woord begin met 'n sillabiese segment, sal die sillabegrens voor die nie-sillabiese segment ingevoeg word.

(63) el ore > [e$loro] 'die goud'
los osos > [lo$sosos] 'die bere'

(Hooper, 1972:527)

Indien die volgende woord met 'n glyklank begin, soos byvoorbeeld in nasalering van [n] > [ŋ] wat in die volgende voorbeeld gesien word, un huevo > [u $weŋo], val die sillabegrens weer saam met die woordgrens.

As die voorbeelde in (63) gesien word as 'n uitsondering op 'n reël soos:

(64)

$$\emptyset \text{ ---> } \$ \;/\; \left\{ \begin{matrix} \# \\ = \end{matrix} \right\} \text{ -------- } [+\text{segment}]$$

(Hooper, 1972:527)

terwyl dit dieselfde verskynsel is, sal daar 'n paar aanpassings gemaak moet word, of 'n ad hoc-reël ingevoeg moet word wat die uitsonderings in (63) weer terugwerk om aan te pas by die reël.

Daar kan nou vlugtig gekyk word na nog 'n paar voorbeelde in die daarstelling van fonologiese reëls in Spaans waar die aanvaarding van die sillabe as onderliggende fonologiese gegewe, 'n meer ekonomiese reël tot gevolg het (vergelyk Hooper (1972) en Harris (1969)).

Die segment /s/ in Spaans word [+stem] voor stemhebbende nie-sillabiese segmente indien dit deur 'n woordgrens van die stemhebbende segment geskei word.

Weer eens word daar gevind dat assimilasie oor sintaktiese grense heen werk, byvoorbeeld:

(65)	los yates	[loz#yates]	die seiljagte
	los heuvos	[loz#we os]	die eiers.

Binne die woord vind die assimilasie nie plaas nie,

(66)	desierto	[desyerto]	woestyn.

Vir die verskynsel kan dieselfde oplossing gebied word as vir laterale- en nasaal-assimilasie. Indien $ gebruik word in plaas van die woordgrens ?, kan die volgende algemene reël gestel word:

(67)

s > [+stem] / --- $[+stem].

As die bogenoemde assimilasiereël nou, met die sillabe as onderliggende element vergelyk word met die reëls soos voorgestel deur Harris (1969), in 'n gewone generatiewe raamwerk waar die sillabe nie 'n rol speel nie, kan daar aangetoon word dat die reëls met die aanvaarding van die sillabe meer ekonomies is as die reëls daarsonder.

Harris (1969) se reëls aanvaar dat lateraal- en nasaal-assimilasie en /s/-stemming slegs voor konsonante en likwiede plaasvind, en nie voor glyers nie.

Om die rede moet hy dan 'n ad hoc-reël invoeg in sy grammatika wat die glyers verander na obstruente, veral omdat hulle verskil in twee verskillende spraakstyle, naamlik andante-spraak (stadige styl) en allegretto-spraak (vinnige styl). Volgens Harris (1969) word die glyklanke obstruente tussen vokale en na 'n affiks of woordgrens in andante-spraak.

In allegretto-spraak kom die glyers /y/ en /w/ nie as obstruente voor nie, maar wel as glyers. Harris voeg daarom 'n reël toe tot die grammatika vir allegretto-spraak wat die effek van die algemene reël omruil, aangesien die assimilasie en stemmingsreëls nie op glyers werk nie. Om die glyers egter in die oppervlakstruktuur terug te kry, moet 'n reël ingevoeg word om die glyers, wat obstruente gemaak is deur 'n ad hoc-reël sodat die algemene reël kan werk, weer terug te werk as glyers.

(68)

son hienas	son yemas	sin huida	sin güira
(hulle is hiënas)	(hulle is elergele)	(sonder uitkomkans)	(sonder 'n kalbasboom)
son#ienas	son#yemas	sin#uida	sin#wira
	y		γ^w - Harris reël 28b
	n		η - Nasaalassimilasie
y		w	- Harris reël 28c
	y		w - Harris reël 31

(Hooper, 1972:528)

As die afleiding nou vergelyk word met 'n grammatika wat die sillabe as onderliggend aanvaar, sal dit soos volg lyk:

(69)

sɔn#ienas	son#yemas	sin#uida	sin#wira	
sɔn$ienas	son$yemas	sin$uida	sin$wira	- $-invoeging
	ɲ		ŋ	- Nasaalassimilasie
		w		- Harris reël 28c

(Hooper, 1972:529)

Aangesien die assimilasie- en /s/-stemmingsreëls voor enige nie-sillabiese segment, dus ook glyers, kan plaasvind, maak die invoeging van $ die ad hoc-reël wat die uitwerking van 'n vorige reël omskakel onnodig.

Combrink en de Stadler (1987:93-96) gee ook motivering vir die sterktehiërargie uit die geskiedenis van die ontwikkeling van die taal.

> Historiese prosesse weerspieël naamlik beweging op hierdie hiërargieë, òf in die rigting van die sterk pool (die sg. prosesse van versterking) òf in die rigting van die swak pool (die sg. prosesse van verswakking).
>
> Tydens die Indo-Germaanse klankverskuiwing het onder andere die volgende veranderings plaasgevind:

(105)

a.	b,d,g	-->	p,t,k
b.	p,t,k	-->	f,ρ,x
c.	b^h,,d^h g^h	-->	b,δ,γ

> Hierdie eerste klankverskuiwing, wat ook bekend staan as Grimm se Wet, beskryf die veranderinge wat die Indo-Germaanse eksplosiewe ondergaan het voordat die taal ver-

deel het in die verskillende Germaanse tale. (105a) is 'n voorbeeld van versterking, soos in Latyn *genu* wat in Goties *kniu* (Afr. *knie*) geword het, ... (105b) en (105c) is voorbeelde van verswakking, soos in Indo-Germaans **kerd* wat in Goties *hiarto* word (1987:94).

(Vergelyk ook Landman, 1978).

5.1 Die aanset

Op hierdie punt is dit raadsaam om eers te kyk na die spreiding van foneme in Afrikaans voordat daar oorgegaan kan word na die vasstelling van 'n rympatroon vir die Afrikaanse sillabe.

Aangesien die koda gesien kan word as 'n spieëlbeeld van die aanset, word die aanset eers in meer besonderhede as 'n vergelykingsbasis bekyk, en wel aan die hand van Lubbe (1985). Die bespreking van die koda in 5.2 kan dan aan die hand van die hieropvolgende bespreking vergelyk word.

5.1.1 Die spreiding van foneme in Afrikaans

Lubbe (1985) bespreek die fonotaksis van Afrikaans en ondersoek die woordinisiële aansetkluster in Afrikaans. Vervolgens dan 'n oorsig van Lubbe se beskrywing van die woordinisiële aansetkluster in Afrikaans binne die raamwerk van die metriese fonologie.


Soos reeds voorheen opgemerk (Lubbe,1985:88), word die opeenvolging van konsonante in klusters beskryf in terme van die sonoriteitsbeginsels. Klanke/foneme groepeer dus in die sillabe op grond van hulle sterkte volgens die sonoriteitshiërargie en die bou van die sillabe kan dus in terme van die sterktehiërargie uitgedruk word.

Soos reeds vroeër in die literatuur aangetoon (Lubbe,1985:91), is daar nie fonotaktiese beperkinge tusen die sillabe-inisiële konsonant(e) en die daaropvolgende vokaal nie, maar wel andersom. Daar is dus beperkinge op die vokaal en die daaropvolgende konsonant(e).

Lubbe (1985) onderskei tussen konsonantklusters en opeenvolging van konsonante, waar klusters dui op 'n reeks van twee of meer konsonante wat tot dieselfde sillabe behoort terwyl opeenvolging verwys na konsonante wat oor twee sillabes heen versprei is.

Soos reeds aangetoon, kan die struktuur van die basiese sillabe soos volg weergegee word:

(70)



Lubbe (1985) beskryf dan die woordinisiële aansetkluster in Afrikaans, en wel dié in die oppervlakvorme.

Soos in die diagram hierbo aangetoon is die aanset 'n opsionele konstituent van die sillabe. Lubbe toon aan dat dit nie soseer die *aanset* is wat opsioneel is nie, maar eerder die *terminale knoop/knope* van die aanset, aangesien die eersgenoemde aanname in stryd sou wees met die implikasionele universaal soos deur Greenberg (1966:xxv) gestel, naamlik:


(71) KKKV,---> KKV,---> KV.

Hierdie universaal impliseer dus dat indien daar sillabes van die tipe KKKV en KV in 'n taal bestaan daar by implikasie ook sillabes van die tipe KKV sal bestaan.

Alhoewel sillabes van die tipe KKKV selde in Afrikaans voorkom, byvoorbeeld in *struik*, bestaan hulle wel. Dit impliseer dat sillabes van die tipe KKV en KV ook in Afrikaans voorkom, wat wel die geval is. Lubbe (1985) voer egter aan dat waar sillabes van die tipe KKKV in Afrikaans voorkom die eertse twee uit die reeks van drie konsonante altyd *sp-*, *st-* of *sk-* is. Lubbe (1987) betoog dan dat die klusters as enkelfoneme gesien word, wat dan impliseer dat Afrikaans slegs sillabes van die tipes KKV en KV het.

Die sillabestruktuur vir Afrikaans moet dus soos volg aangepas word om die moontlike konsonantkombinasies in die aanset te akkommodeer:

(72)



Soos dit uit die volgende data blyk, kan al die Afrikaanse konsonantfoneme behalwe /ŋ/ naamlik /p,b,t,d,k,f,v,s,x,l,r,m,n,h,j/, in die aanset van die Afrikaanse sillabe voorkom.

(73)	pad	bad	tak	dag
	kaf	fut	val	sal
	gal	las	ras	mas
	nes	heg	jig	

Lubbe (1985) beskou ook die klusters *sp-*, *st-* en *sk-* as eenheidsklanke en dus ook as aparte foneme in Afrikaans, en wel onder andere op grond van minimale pare soos die volgende:

(74)[1]	spaar	staar	skaar
	speen	steen	skeen.

Verdere motivering vir die aanvaarding van *sp-*, *st-* en *sk-* as enkelfoneme of eenheidsklanke word beredeneer in Lubbe (1987). In die artikel probeer Lubbe motivering gee vir die aanvaarding van *sp-*, *st-* en *sk-* as enkelfoneme.

Lubbe (1987) voer op grond van sinchrone, diachrone, fonetiese en teoretiese argumente binne die TG-raamwerk aan dat die aanvaarding van 'n eenheidsanalise van *sp-*, *st-* en *sk-* verskillende universele voordele vir die grammatikale teorie sal inhou.

Van die voordele wat hy noem word onder andere die volgende ingesluit:

i) die beskrywing van konsonantverbindings sal vereenvoudig word.

ii) die sonoriteitshiërargie word nie oortree nie.

iii) die afwesigheid van *sb-*, *sd-* en *sg-* sal gesien kan word as 'n "systematic gap".

iv) die frekwentheid van *sp-*, *st-* en *sk-* in teenstelling met *ps-*, *ts-* en *ks-* kan verklaar word.

v) die voorkoms van talle uitsonderings by taalverandering kan verklaar word.

Die hoofrede waarom *sp-*, *st-* en *sk-* as klusters en nie as enkelfoneme beskou word nie, skryf Lubbe toe aan die ortografie.

Vir die doel van hierdie bespreking word Lubbe se eenheidsanalise vir eers aanvaar.

Vervolgens word daar gekyk na Lubbe (1985) se bespreking van die kombineerbaarheid van konsonante in die aanset.

Indien *sp-*, *st-* en *sk-* as enkelkonsonante gesien word, sal daar dus in Afrikaans slegs bikonsonantale klusters voorkom, soos in die hieropvolgende tabel uiteengesit word.

Tabel 1

	p	b	t	d	k	f	v	s	x	sp	st	sk	l	r	m	n	ŋ	h	j	v
p													x	x						
b													x	x						
t														x						x
d														x						x
k													x	x			x			x
f													x	x						
v														x						
s													x		x	x				x
x													x	x						
sp													x	x						
st														x						
sk													x	x						

(Oorgeneem uit Lubbe, 1985:101)

In die voorafgaande tabel van woordinisiële aansetklusters in Afrikaans verteenwoordig die vertikale as die eerste lid van die kluster, en die horisontale as die tweede lid van die kluster.

Lubbe (1985) konsentreer in sy beskrywing net op egte Afrikaanse woorde en skakel leenwoorde en vreemde eiename uit.

Uit die voorafgaande tabel kan afgelei word dat slegs die volgende kombinasie in Afrikaanse aansetklusters aangetref word, naamlik:

obstruent + sonorant

en wel ook in die spesifieke volgorde.

Lubbe (1985) wys dan ook op 'n aantal verskille in die optrede van konsonante en hulle kombinasiemoontlikhede in die *aanset* en die *koda*.

Combrink en de Stadler (1987:172) toon aan dat die spieëlbeeldbeginsel saamhang met die volgende universele beginsel van sillabebou:

> Konsonante groepeer rondom die vokaal sodat die mees sonorante konsonante nader aan die vokaal staan en die minder sonorante konsonante verder van die vokaal af. Die sillabe kan in die meeste gevalle dus beskou word as 'n golf van sonoriteit met die vokaal as die kruin van die golf.

(Vergelyk ook Hooper, 1972, 1976; Selkirk, 1982; Wissing, 1982).

Indien aanvaar word dat die *koda* of dan die woordeindkluster 'n spieëlbeeld is van die woordaanvangskluster sal die verskille wel moontlik verantwoord kan word.

Die kombinasie

sonorant + obstruent

sal wel in die koda toegelaat word.

> Die aanset vereis dus 'n groter afstand op die sonoriteits-hiërargie tussen lede van die kluster as die koda (Lubbe, 1985:104).


Die sonoriteitshiërargie en die passing daarvan op die sillabiese struktuur is reeds in Hoofstuk 2 bespreek.

Soos reeds in die literatuur aangetoon, word die aansetposisie gesien as sterker as die kodaposisie (vergelyk Foley, 1977 en Hooper, 1976).

Aangesien die woordaanvangskluster grootliks as 'n spieëlbeeld van die woordeindkluster, wat eintlik vir hierdie studie van belang is, gesien word, word die aanset van die sillabe vervolgens weer van nader bekyk.

Skematies kan die klusteraansetposisie dus soos volg voorgestel word:

(75)




(Lubbe, 1985:105)

Soos reeds aangetoon in Hoofstuk 3 is daar sekere filters wat ontoelaatbare vorme sal blokkeer (vergelyk Trommelen, 1983).

So 'n filter wat dus ontoelaatbare aanvangsklusters sal blokkeer kan soos volg aangetoon word:

(76)



(Lubbe,1985:105)

Aangesien die [-son]-klanke klusters vorm met onderskeie [+son]-klanke sal die bestaande voorstelling van die aansetposisie verder verfyn moet word.

Lubbe gaan dan ook die kombineerbaarheid met die [+son]-klanke afsonderlik na.

Die volgende klanke kombineer almal met /l/, naamlik:

/p,b,k,f,s,x,sp, en sk/

(/sk/ kombineer slegs met /l/ in *sklerose* wat ook as 'n vreemde woord beskou moet word, en dus uitgesluit behoort te word).

Behalwe /s/ besit al die bogenoemde klanke ook die kenmerk [-kor].

Verder is /s/ die enigste [-stem]-frikatief wat nie met /r/ kombineer nie, en die enigste [-son]-klank wat met /m/ kombineer, en saam met /k/ die enigste wat met /n/ kombineer.

Lubbe (1985:106) toon verder aan dat klusters met /s/ ook woordintern anders optree as klusters sonder /s/. Woordinisiële aansetklusters met /s/ kom wel voor, sl- in *slot*, en sm- in *smag*, maar dieselfde kluster is woordintern nie toelaatbaar nie, byvoorbeeld:


*o - slo
*pri -sma.

Die beperkinge van /s/ by klustervorming val dus telkens op.

Soos reeds aangetoon in Hoofstuk 2 maak die metriese fonologie gebruik van die begrip *ekstrametrisiteit*. Indien die kenmerk [+ ekstametries] ([+EM]) dus aan /s/ toegeken word, sal die bou van die aanset baie vereenvoudig word. Die /s/ word dan as gevolg van sy onreëlmatige optrede gemerk as 'n ekstrametriese element.

Die aanvanklike struktuur van die aanset, naamlik

(77)




(Lubbe, 1985:108)

moet nou nader gepresiseer word, aangesien dit te algemeen is, en nie al die moontlike klusters presies beskryf nie.

As Tabel 1 bekyk word, word daar gevind dat slegs /l,r,m,n, en w/ optree as tweede lid van 'n aansetkluster.

Aangesien al hierdie klanke ook die kenmerk [+ant] besit, kan die struktuur soos volg aangepas word:

(78)



(Lubbe, 1985:109)


Nie enige obstruent vorm 'n kluster met enige sonorant nie.

As aangetoon word dat al die obstruente behalwe /s/ met /r/ kombineer, dus:

/p,b,t,d,k,f,v,x,sk,sp,st/

kan die struktuur nog verder aangepas word as

(79)



(Lubbe, 1985:109)


Verder kombineer al die obstruente behalwe /t,d, en st/ met /l/, dus

/p,b,k,f,s,x,sp,sk/

Behalwe /s/ wat soos reeds aangetoon as 'n ekstrametriese element beskou word, bevat al hierdie klanke die kenmerk [-kor].

Die struktuur kan dus verder aangepas word as

(80)



ii) [-son, -kor] [+lat]

(Lubbe, 1985:110)


Soos reeds aangetoon, is een van die redes waarom /s/ as ekstrametries beskou word juis die feit dat woordinisiële aansetklusters met /s/ nie woordmediaal toegelaat word nie. Verder is ook aangetoon dat die nasaal /m/ slegs met /s/ kombineer en die /n/ slegs met /s/ en /k/.

Die kluster /kn-/ gedra hom egter in woordmediale posisie dieselfde as klusters met /s/. Dus, /kn-/ word wel toegelaat in die woordinisiële posisie, maar nie woordmediaal nie. Dit wil sê, /kn/ soos in *knak* is wel toelaatbaar, maar nie /kn-/ soos in *a - knee* nie.

Die kluster /kn-/ moet dus ook as ekstrametries gemerk word.

As die struktuur nog verder aangepas word as:

(81)



(Lubbe, 1985:111)

sal dit ook die voorkoms van /m/ as tweede element van die aanvangskluster soos in *smaak, smag*, ensovoort verantwoord.

Die [-son]-gleuf word dan gevul deur die element <e> wat 'n fonologies leë dog struktureel gevulde element is. Die gebruik van so 'n strukturele element word ingevoer na analogie van werk wat in die sintaksis gedoen is.

Die oorblywende klusters, naamlik /tw-/, /dw-/, /kw-/ en /sw-/, moet nog verantwoord word.

Behalwe /s/ is die eerste lede van die klusters ook almal lede van die groep wat met /r/ kombineer.


Die tweede lid van elkeen van die klusters moet as halfvokale gesien word (vergelyk Wissing, 1971:56) en het dus die kenmerk [+son], aangesien 'n [-kons] altyd die kenmerk [+son] het.

Die eerste lede van die klusters, naamlik /t/, /d/ en /k/ het die kenmerke [-son], [-duur] en [-geleid. afsl.].

Die kenmerk [geleidelike afsluiting] word in Lubbe (1987) beredeneer, en aangesien /sp-/, /st-/ en /sk-/ vir die doel van hierdie studie as eenheidsklanke aanvaar word, word die kenmerk ook gebruik.

Die oorspronklike struktuur vir die aansetkluster kan daarom nog verder uitgebrei word, en wel soos volg:

(82)



iv) $\begin{bmatrix} -son \\ -duur \\ -geleid. \\ afsl. \end{bmatrix}$ $\begin{bmatrix} +son \\ -kons \\ +ant \end{bmatrix}$

(Lubbe, 1985:113)

Tot dusver kan die patroon vir die aanset nie al die klusters wat voorkom verantwoord nie, aangesien die ontoelaatbare /pw-/, /bw-/ en /kw-/ onder andere wel toegelaat word, terwyl die toelaatbare /sw-/ uitgesluit word.

In die bogenoemde struktuur word ekstrametriese elemente uitgesluit van klustervorming. Om die probleem reg te stel is daar 'n algemene voorwaarde nodig wat 'n ekstrametriese element sal toelaat om 'n kluster te vorm met die [+son]-element van die aansetkluster.

Lubbe stel die volgende algemene voorwaarde vir ekstrametriese klustervorming: "In die aanset vorm 'n ekstrametriese element, ongeag enige ander kondisie, 'n kluster met die sonorante element" (Lubbe, 1985:114).


Die voorwaarde laat dan ook die ontoelaatbare kluster /sr-/ toe.

Soos vroeër gesien laat die algemene voorwaarde ook foutiewelik die kluster /km-/ toe, asook /pw-/ en /bw-/.

Welgevormdheidsfilters moet ingevoer word om die ontoelaatbare klusters te blokkeer.

Die filter


(83)



sal die voorkoms van /sr-/ blokkeer.

Die filter


(84)



sal die voorkoms van /km-/ blokkeer.

Die filter

(85)




(Lubbe, 1985:114-115)

sal die voorkoms van /pw-/ en /bw-/ blokkeer.

Die kluster /sw-/ wat tot dusver uitgesluit is word dan wel toegelaat op grond van die algemene voorwaarde vir ekstrametriese klustervorming.

Die patroon vir die aansetkluster in Afrikaans kan nou soos volg opgesom word:

(86)



(Lubbe, 1985:116)

Die ekstrametriese elemente, naamlik /s/ en /k/ is dan hiervolgens uitgesluit van klustervorming, maar die algemene voorwaarde vir ekstrametriese klustervorming lewer dan die volgende klusters:

(87)

i) *sr-
ii) sl-
iii) sn-, sm-, kn-, *km-
iv) sw-

(Lubbe, 1985:116)

Die ontoelaatbare klusters, /*sr-,*km-,*pw- en *bw-/ word dan deur die welgevormdheidsfilters geblokkeer.

Die bogenoemde is 'n aanduiding van die patroon van die woordinisiële aansetkluster in Afrikaans, en dus 'n poging in die vasstelling van die sillabiese patroon van Afrikaans.

Die sillabe kan daarom gedefinieer word as 'n eenheid met 'n vokaal as kern omring deur konsonante vanaf die mees sonorante tot die minder sonorante, of ook soos Combrink en de Stadler (1987:172) dit stel, "as 'n golf van sonoriteit met die vokaal as die kruin van die golf".

In die volgende afdeling sal gepoog word om ook binne die raamwerk van die metriese fonologie die struktuur van die woordfinale koda in Afrikaans te beskryf.

5.2 Die koda

In 'n poging om die struktuur van die rym in die woordeinde en daarmee ook die woordfinale koda van Afrikaans, wat in die volgende hoofstuk bespreek word vas te stel, is dit noodsaaklik om eers na die voorbeeld van Trommelen (1983) 'n inventaris op te stel wat die spreiding van Afrikaanse konsonante aan die woordeinde van simplekse kan aantoon ten einde 'n vergelykingsbasis vir die volgende hoofstuk te verkry.

Soos reeds in 5.1 aangedui, kan die aanset van die Afrikaanse sillabe uit een of meer konsonante bestaan. Indien die koda of woordeinde gesien kan word as 'n spieëlbeeld van die aanset, sal die koda logieserwys ook uit een of meer konsonante bestaan.

5.2.1 Afrikaanse kodastruktuur

Hier sal vervolgens gepoog word om 'n inventaris van die voorkoms van konsonante in die woordeinde in Afrikaans na te gaan en dit in terme van die metriese fonologiese model te beskryf.

(88)

i) Die sillabe in Afrikaans kan op 'n vokaal eindig, en dus geen konsonant in die koda neem nie.

pa, ma, kou, ta, ensovoort.

Die koda sal dus kan bestaan uit een of meer of geen konsonante, en moet dus as 'n opsionele deel van die sillabiese struktuur van Afrikaans gesien word.

Die volgende kom voor:

(89)

ii) Een konsonant aan die woordeinde:

Die egte konsonante:

p	:	aap,	b	:	eb, lob,	t	:	kat,
d	:	hoed,	k	:	dak,	f	:	laf,
v	:	erf,	s	:	las,	x	:	lag.

Die onegte konsonante:

l : kul, r : kar, m : lam,
n : laan, ŋ : lang

Die glyklanke:

Nie een van /h,j,w/ kom onderliggend aan die woordeinde voor nie.

sp, st, en sk:

sp : wesp, st : trust, sk : bruusk,

Dit moet hier genoem word dat die bogenoemde woorde seldsame of vreemde woorde in Afrikaans is.

ps, ts, en ks:

ps : glips, ts : rats, ks : heks.

Die bostaande inventaris sluit sp-, st-, en sk- asook hulle spieëlbeelde -ps, -ts, en -ks in, aangesien in die vorige afdeling die eenheidsanalise van Lubbe (1987) aanvaar is.

Aangesien hulle moontlik as uitsonderings gesien sal kan word, word hulle vir eers apart gegroepeer.

Uit 89(ii) hierbo word gesien dat al die konsonantiese foneme van Afrikaans aan die woordeinde kan voorkom, behalwe /d, v, h, j, en w/.

Uit dié lysie uitsonderings vorm /h, j, w/ saam 'n groep wat van die ander onderskei kan word deur die kenmerke [-kons] en [-vok], die sogenaamde glyklanke of halfvokale. Die enigste onverantwoorde uitsonderings wat dan oorbly is die stemhebbende egte konsonante /d/ en /v/. Die voorkoms van die twee klanke sal wel verantwoord kan word indien daar na onderliggende vorme gekyk word. Onderliggende /d/ en /v/ word deur die ontstemmingsreël vir Afrikaans ontstem tot [t] en [f] om die regte uitspraak in die oppervlaktevorm te lewer. Vergelyk die woorde /hand/ --> [hant] en /ɛrv/ --> [ɛrf]. (De Bruto en Wissing, 1974:81).

(90)

iii) Twee konsonante aan die woordeinde.

lk :	melk,	lf :	delf,	lx :	wilg,	lp :	gulp,
mp :	hemp,	mf :	---				
ŋk :	lank,	ŋs :	langs,				
nt :	kant,	mt :	---	lt :	alt,		
rt :	kort,	jt :	---	ns :	dans,		
rp :	harp,	rk :	hark,	rx :	wurg,		
rs :	vars,	rf :	werf,				
ms :	soms,	nd :	land,	md :	vreemd,		
ld :	beeld,	rd :	bord(?),				
lm :	palm,	rm :	storm,				
ts :	trots,	ps :	gips,	ks :	heks,	ls :	wals.

Tweekonsonantklusters kom heel algemeen voor en kan bestaan uit twee [+son]-klanke, alhoewel baie selde, soos byvoorbeeld in *palm*, óf twee [+obstr]-klanke soos byvoorbeeld in *trots, gips, heks*, óf 'n kombinasie van [+son] en [+obstr] soos byvoorbeeld in *lamp, dorp, werk*, ensovoort. Die kombinasies /ld/ en /rd/ moet onderliggend verantwoord word.
Indien twee obstruente saam 'n kluster vorm is die laaste lid altyd 'n dentale obstruent, behalwe vir /-sp/ en /-sk/, dus /t/ of /s/ wat as uitsonderings gemerk kan word.

(91)

iv) Drie konsonante aan die woordeinde.

-rks :	---,	-rps :	korps,	-rts :	erts,	nerts
-lps :	wulps,	-lks :	skalks,	- ks :	links,	slinks
-rfs :	herfs,	-rns :	erns,	-nds :	fonds,	ginds

Uit die voorafgaande inventaris van klanke kan afgelei word dat Afrikaans maksimaal drie konsonante aan die woordeinde toelaat.

Indien Lubbe (1987) se aanname dat die aansetklusters *sp-, st-,* en *sk-* eenheidsklanke is, aanvaar word, sal hulle spieëlbeelde in die woordeinde ook as eenheidsklanke aanvaar moet word nl. *-ps, -ts,* en *-ks*.

Indien *-ps, -ts* en *-ks* dus as enkelfoneme beskou word, bly slegs die uitsonderlike KKK-klusters aan die woordeindes in Afrikaans nl. *-rfs* soos in *herfs*, en *-rns* soos in *erns*.

Interessant is dat die eerste lid van die KKK-klusters aan die woordeinde almal likwiede of nasale is, dus /l/, /r/ en /ŋ/ wat dan behalwe die kenmerk [+son] ook die kenmerk [+ant] deel. Die laaste lid is telkens /s/.

Voorlopig word /-ps, -ts, en -ks/ as konsonantklusters beskou, en word hulle ook as sodanig in die hieropvolgende bespreking opgeneem. Later sal daar gekyk word of hulle aanvaarding as enkelfoneme enige invloed uitoefen op die struktuur van die woordfinale rym en koda van Afrikaans.

Indien die voorkoms van die klanke lineêr volgens hulle kenmerke voorgestel word, kan die volgende voorstelling voorlopig gegee word:

(92)

$$\begin{bmatrix} +\text{son} \\ +\text{ant} \end{bmatrix} \quad [\ ] \quad [-\text{son}]$$

Die middelste lid van die KKK-woordeindkluster is nie aan 'n spesifieke groep gebind nie. Dit kan 'n [+son]-klank wees, byvoorbeeld /n/, 'n [-son]-klank, byvoorbeeld /k/, of 'n frikatief, byvoorbeeld /f/, dus word die klanke voorlopig net deur die kenmerk [+kons] onderskei.

(93)

Dus $\begin{bmatrix} +\text{son} \\ +\text{ant} \end{bmatrix}$ [+kons] [-son]

Tweekonsonantklusters is baie algemeen, en soos reeds hierbo aangetoon, kan hulle bestaan uit twee sonorante, twee obstruente, of 'n sonorant-plus-obstruent kombinasie;

(94)

dus [+son] [+son]

of $\left(\begin{bmatrix} +\text{obstr} \\ -\text{son} \end{bmatrix} \begin{bmatrix} +\text{obstr} \\ -\text{son} \end{bmatrix} \right)$

of $\left(\begin{bmatrix} +\text{son} \\ +\text{son} \end{bmatrix} \begin{bmatrix} +\text{obstr} \\ -\text{son} \end{bmatrix} \right)$

Die lineêre voorstelling van KKK-woordeindklusters en KK-woordeindklusters kan dus saamgevoeg word as:

(95)

[+son] [+kons] [-son]

Al die KKK-, KK- en K-woordeindklusters sal dan in hierdie patroon inpas, byvoorbeeld;


(96)

		[+son]	[+kons]	[-son]
i)	aa	-	p	
	ri	-	f	
	ba	l		
ii)	ka	n	t	
	pa	l	m	
	ta		k	t
iii)	ko	r	p	s
	he	r	f	s
	e	r	n	s
	fo	n	d	s

Uit die bogenoemde voorbeelde blyk dat by enkelkonsonante aan die woordeinde die eerste gleuf, die [+son]-gleuf soms leeg is, aangesien daar dan slegs een konsonant op die vokaal volg wat óf [+son] óf [-son] kan wees, dus 'n obstruent.

Die woordfinale koda vir Afrikaans kan dan voorlopig soos volg voorgestel word:

(97)



Indien /-ps, -ts, en -ks/, die spieëlbeelde van die aansetklusters /sp-, st- en sk-/ volgens Lubbe (1987) se argument, as enkelfoneme beskou word, sou Afrikaans aan die woordeinde slegs KK-klusters toelaat, met die uitsondering van /-rfs/, /-rns/.

Lubbe (1987:78-79) noem 'n aantal redes waarom /sp-, st-, en sk-/ as enkelfoneme gesien moet word, onder andere:

Geen van die ander aansetklusters nl. /sl-, xl-, pl-, sn-, sm-/ kan ook as kodaklusters optree nie, en laat dus net /-sp, -st, en -sk/ oor in woorde soos *wesp, trust* en *obelisk*. Dié vorme kan egter ook almal gemerk word as "on-Afrikaans".

Verder word /-sp-,-st-, en -sk-/ ook mediaal aangetref. Lubbe noem egter dat daar nog nie 'n finale oplossing is vir die aanvaarding van die drie uitsonderlike klusters as enkelfoneme in die mediale posisie nie. Vir Engels is dit egter wel eksperimenteel aangetoon as klusters en nie opeenvolgings nie.

Lubbe noem ook dat die feit dat /p,t,k/ in bepaalde posisies geaspireer word, behalwe wanneer hulle deur /s/ voorafgegaan word, aantoon dat /sp/,/st/ en /sk/ anders geanaliseer moet word en dat /sp/, /st/ en /sk/ ook as klusters in die inisiële posisie die sonoriteitshiërargie sou verbreek.


Die spleëlbeelde in die woordeindposisie oortree egter nie die sonotiteitshiërargie nie, aangesien /s/ as stemlose frikatief swakker is as /p,t,k/, die stemlose eksplosiewe, en die sterker klanke volgens die sonoriteitshiërargie verder van die kern staan. Die sonoriteitshiërargie is reeds in Hoofstuk 2 bespreek.

Indien daar dus volgens Lubbe (1987) se sinchrone argumente geredeneer word, is daar geen vaste bewyse om die spleëlbeelde van /sp, st, en sk/, naamlik /-ps, -ts, en -ks/, in die woordeinde as eenheidsklanke te aanvaar nie. Hulle moet dus as 'n opeenvolging van konsonante gesien word. Aangesien een van Lubbe (1987) se argumente vir die aanvaarding van /sp-, st-, en sk-/ as eenheidsklanke in die aanset nie ook op die spleëlbeelde daarvan, dus /-ps, -ts, en -ks/, in die woordeinde toegepas kan word as bewyse vir die aanvaarding van eenheidsklanke nie, word daar eers daarby volstaan en word die klusters aan die einde van woorde eerder as opeenvolgings van konsonante aanvaar.

Die doel van hierdie studie is nie om kritiek te lewer op Lubbe(1987) se artikel nie, maar eerder 'n soeke na 'n werkbare rympatroon vir Afrikaans binne die raamwerk van die algemene metriese teorie.

Indien /-ps, -ts, en -ks/ as enkelfoneme gesien moes word, sou dit ook heelwat probleme veroorsaak vir die lineêre patroon van die koda in die woordeinde van Afrikaans, aangesien dit moeilik sal wees om deur middel van gekombineerde kenmerkanalises van /s/ en /p,t,k/ 'n reeks algemene kenmerke op te stel wat meer ekonomies sou wees as wanneer hulle as aparte klanke beskou word. Die lineêre patroon vir die koda in Afrikaans sal dan soos volg lyk:

(98)



Dit hou in dat die koda in Afrikaans ook, soos in ander tale, (byvoorbeeld Engels en Nederlands) 'n opsionele element is.

Verder hou dit ook in dat Afrikaans tot drie konsonante aan die woordeinde toelaat.

Indien /-sp, -st, en -sk/ as opeenvolgings van konsonante aanvaar word, sal die uitsonderlike KKK-klusters /-rfs, en -rns/ nie meer as uitsonderings gesien word nie, aangesien hulle wel in die algemene patroon van die woordfinale koda kan inpas soos aangetoon in (98).

Die klusters /-sp, -st, en -sk/ sal ook nie meer as uitsonderlik gesien word nie, aangesien hulle ook in die algemene patroon sal kan inpas soos hieronder aangetoon:

(99)

	[+son]	[+kons]	[-son]
we		s	p
tru		s	t
bruu		s	k

Die foneem /s/ kan onder die [+kons]-gleuf geplaas word, aangesien dit tog die kenmerk besit, en so ook kan /p,t,k,/ wat almal [-son]-klanke is in die [-son]-gleuf inpas.

Soos voorheen gestel wil daar in hierdie afdeling gepoog word om 'n patroon te vind vir die rym in Afrikaans. In die voorafgaande gedeelte is reeds 'n patroon vasgestel vir die woordfinale koda in Afrikaans, en vervolgens sal die struktuur van die piek in die Afrikaanse rympatroon ondersoek word.

Aangesien /ə/ moontlik in Nederlands en Afrikaans verskillend optree, en die optrede ook 'n rol mag speel in die plasing van klem, word die Afrikaanse vokale wat die piek van die Afrikaanse rympatroon uitmaak, vervolgens behandel.

Dit is daarom raadsaam om weer te kyk na die voorkoms en verbindingsmoontlikhede van die Afrikaanse vokale.

Die volgende twaalf vokale word vir Afrikaans onderskei, naamlik /A, E, O, Ø, i, u, y, a,œ,ə,ɔ,ɛ/. (Wissing, 1971:48)

Dié vokale word gevind in egte Afrikaanse woorde soos byvoorbeeld: /A/ in *waag*; /E/ in *meet*; /O/ in *mode;* /Ø/ in *beur*; /I/ in *Piet*; /u/ in *boet*; /y/ in *skadu*; /a/ in *kat*; /œ/ in *rug*; /ə/ in *wig*; /ɔ/ in *model*; en /ɛ/ in *bed*.

In die literatuur word ander vokale ook nog onderskei, byvoorbeeld in De Villiers (1973:58) maar dié ander vokale wat onderskei word is gewoonlik terugleibaar of deur reëls afgelei van die bogenoemde twaalf vokale.

Vokale word in die TG in terme van verskillende distinktiewe kenmerke beskryf, wat afgelei is van die stand van die tong tydens artikulasie, die vorm van die lippe, dus gerond of ongerond, asook die lengte van die vokale.

Die volgende tabel toon die plek van artikulasie van die Afrikaanse vokale.

(100)

	+voor -agter	-voor -agter	-voor +agter
+hoog -middel	i y		u
+hoog -middel	E Ø		O
-hoog +middel	ɛ	ə œ	ɔ
-hoog -middel		A a	

(Wissing, 1971:50)

Afgesien van die plek van artikulasie en die gerondheid al dan nie van die Afrikaanse vokale, word al die vokale ook ingedeel as [+gespan] of [-gespan].

Al die vokale het dan ook 'n kort of lang fonetiese teenhanger (gespanne of ongespanne teenhangers). Hulle kan dus óf as kort vokale óf as lang vokale uitgespreek word.

Die diftonge tree ook baie soos die vokale op en kan ook dien as 'n sillabekern, en moet dus saam met die vokale in berekening gebring word. Diftonge staan in die literatuur ook soms bekend as tweeklanke, en kan dus gesien word as 'n afleiding uit 'n onderliggende vokaal, of as 'n samevoeging van twee vokale.

Diftonge kom verder in dieselfde posisie in die woord voor as vokale, behalwe voor slotkonsonante, waar die diftonge /ai, ɛi, ɔi, Ai, Oi, Eu, ui/ selde voorkom. Die laasgenoemde diftonge staan dan ook bekend as die sogenaamde *onegte diftonge*. Die orige diftonge, /ɑ̈i, œ̈u, œ̈y/, die sogenaamde *egte diftonge* vertoon egter dieselfde verspreiding as die vokale, en kan moontlik onderliggend as enkelfoneme beskou word (Wissing, 1971:52).

Die Afrikaanse diftonge kan gesien word as "stygend", aangesien hulle beweeg van 'n laer vokaal na 'n hoër vokaal. Dus byvoorbeeld /ɑ̈i/ van /ɑ̈/ met die kenmerke [-hoog, +middel] na /i/ met die kenmerke [+hoog, -middel] of /œ̈u/ van /œ̈/ met die kenmerke [-hoog, +middel] na /u/ met die kenmerke [+hoog, -middel].

Indien die lengte van vokale na aanleiding van Trommelen (1983) as uitgangspunt geneem word vir die opstel van die lineêre vorm van die Afrikaanse rym, sal daar twee gleuwe langs mekaar nodig wees om vir al die lang vokale, kort vokale en diftonge te verantwoord.

Trommelen (1983) en Zonneveld en Trommelen (1980) toon vir Nederlands 'n analise aan waar lang vokale gesien word as 'n opeenvolging van twee identiese kort vokale en diftonge as 'n opeenvolging van twee nie-identiese kort vokale.

Na analogie van Trommelen en Zonneveld se analise kan die volgende lineêre patroon opgestel word vir die vokale en diftonge. Aangesien al die vokale en diftonge die kenmerk [-kons] het kan twee [-kons] gleuwe dan op mekaar volg:

(101)

[-kons] [-kons]

Die tweede gleuf bly leeg by kort vokale. Kort vokale kan voorgestel word as [-kons] en lang vokale en diftonge as [-kons] [-kons].

Een van die vokale , naamlik schwa lewer volgens Trommelen (1983) nog 'n probleem op in hierdie sisteem. Trommelen voer 'n aantal redes aan waarom schwa as 'n bimoriese of dan lang vokaal gesien moet word. (Vergelyk Hoofstuk 3:26-30.)

Die genoemde redes is egter nie in Afrikaans van toepassing nie.

Soos reeds genoem voer Trommelen aan dat schwa, soos lang vokale nie gevolg word deur 'n konsonantkluster met die kenmerk [+son]; [-kor][+obstr] nie. In Afrikaans kan dit wel, vergelyk byvoorbeeld *dink* [dəŋk].

Nog 'n rede wat Trommelen aanvoer is dat schwa soos lang vokale en anders as kort vokale geredelik aan die einde van woorde voorkom. In Afrikaans kom kort vokale ook geredelik aan die woordeinde voor, byvoorbeeld in *padda, koedoe, mielie*, ensovoort.

Trommelen voer ook aan dat schwa dieselfde verkleiningsuitgange neem as lang vokale. In Afrikaans neem schwa ook dieselfde verkleiningsuitgange as kort vokale, vergelyk byvoorbeeld *paddatjie* en *kodetjie*.

Laastens voer Trommelen aan dat schwa nie klem kan neem nie. In Afrikaans neem schwa wel klem, soos byvoorbeeld in *pit , begin*, ensovoort.

Schwa moet dus, wat Afrikaans betref as 'n gewone kort vokaal gesien word, dus nie as 'n uitsondering nie, en kan dan ook as [-kons], soos kort vokale, voorgestel word.

Al die vokale en diftonge, insluitende schwa sal in die patroon kan inpas.

(102)

	[-kons]	[-kons]		
p	a		n	kort vokale
d	u		l	
b	ɛ		t	
p	i		t	
r	œ		g	
p	ə		t	
bes	ə		m	
p	a	a	l	lang vokale
m	e	e	r	
m	y	y	r	
r	œ	y	g	diftonge
g	œ	u	d	

Indien die lang vokale en diftonge as bimories of tweedelig gesien word, kan die volgende lineêre patroon vir die woordfinale rym van Afrikaans voorgestel word:

(103)

[-kons][-kons][+son][+kons][-son]

As egter in gedagte gehou word dat al die vokale en diftonge bo en behalwe die kenmerk [-kons] ook die kenmerk [+son] het, en dat hulle die kenmerk [+son] deel met al die onegte konsonante, die nasale en likwiede, dus die konsonante wat die eerste posisie inneem in die KKK-klusters aan die woordeinde, kan die bogenoemde lineêre patroon vereenvoudig word tot:


(104)

[-kons][+son][+kons][-son]

Die [+son]-gleuf kan gevul word deur óf die tweede gedeelte van 'n bimoriese vokaal óf 'n sonorante konsonant, aangesien lang vokale en diftonge in Afrikaans basies gevolg word deur hoogstens twee konsonante aan die woordeinde.

Die finale rympatroon vir Afrikaans kan dan soos volg voorgestel word:

(105)



Die [+son]-gleuf word as swewend voorgestel, aangesien dit gevul kan word deur óf 'n element uit die piek wanneer 'n lang vokaal of diftong voorkom, óf deur 'n element uit die koda wanneer 'n kort vokaal voorkom met 'n eindkluster van drie konsonante.

6

'N EVALUERING VAN AFRIKAANSE VERKLEININGSVORMING BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE NON-LINEêRE BENADERING

5.1 Inleiding

Die doel van hierdie volgende afdeling is om aan die hand van Afrikaanse data te kyk of die non-lineêre metriese fonologie en die vasgestelde finale rympatroon van Afrikaans in staat is om sonder die beïnvloeding van enige ander fonologiese voorwaardes die Afrikaanse verkleiningsuitgange korrek en op 'n ekonomiese wyse te voorspel, en of daarvan 'n lingusities-insigryke beskrywing gemaak kan word.

Trommelen (1983:94) se aanname, naamlik:

> That diminutive formation ... is a local process in the sense that the specific diminutive alternant depends solely on the specific structure of the final rime preceding the suffix. Beyond this, no further phonological conditions are required for the choice between the alternants.

sal dus nou aan die hand van Afrikaanse data getoets word. Dit sal gedoen word deur 'n aantal spesifieke hipoteses te formuleer wat deur middel van twee vraelyste getoets sal word.

6.2 Die Afrikaanse verkleiningsvorm, non-lineêr en lineêr bekyk

Afrikaans het verskillende verkleiningsvorme, of te wel verskillende variante vir die formatief DIM. soos uit die klein aantal voorbeelde hieronder afgelei kan word:

(106)

koppie	spekie	kassie	ogie	olifantjie
handjie	leeurikie	raampie	naampie	liggaampie
besempie	rympie	oompie	tangetjie	sterretjie
kringetjie	pilletjie	bulletjie	balletjie	


(Wissing & De Bruto p. 88 - 90)

Uit die lys hierbo kan vier variante van die verkleiningsuitgang in Afrikaans afgelei word, nl. *-ie, -pie, -kie* en *-etjie*.

Fonologies kan die vorme weergegee word as /i, pi, ki, iki/.

Indien /-ki/ as die basisvorm aanvaar word, dus as die ongemerkte vorm, behoort dit moontlik te wees om op grond van die voorgestelde finale rympatroon vir Afrikaans, naamlik:

(107)




die korrekte variant vir elke selfstandige naamwoord in Afrikaans te voorspel.


Aangesien daar so 'n groot ooreenkoms bestaan tussen die Nederlandse en die Afrikaanse verkleiningsvorme, sal die volgende stap wees om na analogie van Trommelen (1983) vas te stel of die voorspellings vir die ooreenstemmende vorme, soos deur Trommelen aangetoon, ook op die Afrikaanse data toegepas kan word, en die regte resultate lewer. Daar word hier slegs na simplekse wat uitgaan op [+son]-konsonante gekyk.

Die volgende reëls kan na analogie van Trommelen se reëls vir die voorspelling van verkleiningsvorme in Nederlands (vergelyk Hoofstuk 3 reëls (45), (47) en (49)), binne die raamwerk van die non-lineêre benadering, vir Afrikaans gestel word:

(108)




(109)



saam met die kodavertakkingsreël

(110)




(i) OPT vir +F vorme
(ii) VERPLIG vir meersillabige vorme waar 2 = r

wat nodig is om die regte voorspelling te maak. Waar **1** in die bogenoemde reëls, die plek, 'n [-kons]-segment verteenwoordig en **2** 'n [+son]-segment, dus 'n vokaal of diftong of 'n [+son]-konsonant. (Trommelen wysig die reël later, maar dit verander niks aan die wese van die saak nie.)

Die lineêre benadering maak van een enkele saamgestelde reël gebruik om die verkleinings vorm te voorspel (vergelyk Wissing, 1971:86):

(111)



Aangesien daar so 'n noue verband tussen Nederlands en Afrikaans bestaan, behoort die reëls soos in (108), (109) en (110) ook die soortgelyke data van Afrikaans te kan dek. Vergelyk Trommelen (1983:90-91).

Vergelyk die volgende soortgelyke voorbeelde in Afrikaans:

(112)

son-(n)ietjie	duim-pie	paling-tjie	hok-(k)ie
model-(l)ietjie	liggaam-pie	houding-tjie	muis-(s)ie
tong-ietjie	idioom-pie		
sering-ietjie	besem-pie		
tweeling-ietjie	album-pie		

Ten einde die geldigheid van die bogenoemde aanname te toets is 'n empiriese ondersoek, deur gebruik te maak van vraelyste, gedoen.

6.2.1 Hipoteses

Trommelen (1983) se voorspellings (dus ook die voorspelling van die non-lineêre benadering) aan die een kant, en die voorspelling van die lineêre benadering aan die ander kant kan nou per hipotese getoets word. Vervolgens word die hipoteses gestel en in 6.2.6 sal die hipoteses aan die hand van die resultate van die bogenoemde empiriese ondersoek geverifieer word.

Hipotese 1 en 2 verteenwoordig die non-lineêre siening en Hipotese 3 die lineêre siening.

A *Hipotese 1*

Die verkleiningsreël (108) saam met die kodavertakkingsreël (110) sal die verkleiningsvorm /iki/ toeken aan alle vorme wat uitgaan op 'n [+son]-segment, behalwe vir [+F]-vorme en meersillabige vorme wat uitgaan op /r/, asook vorme wat uitgaan op /m/.

B *Hipotese 2*

Die verkleiningsreël (109) sal die verkleiningsvorm /pi/ toeken aan alle vorme wat uitgaan op /m/ voorafgegaan deur 'n [+son]-segment.

C *Hipotese 3*

Die reël (111) sal die verkleiningsvorm /pi/ toeken aan vorme wat uitgaan op /m/ voorafgegaan deur 'n gespanne vokaal of 'n onbeklemtoonde ongespanne vokaal, en die verkleiningsvorm /iki/ aan vorme wat uitgaan op [+son]-konsonante (uitgesonderd /m/) voorafgegaan deur 'n beklemtoonde ongespanne vokaal.

6.2.2 Meetinstrumente

Vraelyste is opgestel van 'n aantal gefabriseerde woorde wat daarop gemik is om die geformuleerde Hipoteses 1 - 3 aan Afrikaanse data te toets.

Die woorde wat in die vraelyste gebruik is, is nonsenswoorde, opgestel volgens die morfeemstruktuurreëls van Afrikaans. Alhoewel dit die doel was om die respondente se intuïtiewe kennis van die verkleiningsvorme van woorde wat op [+son]-konsonante uitgaan te toets, is 'n aantal ander

woorde wat nie op [+son]- konsonante uitgaan nie, in die lys ingesluit om die patroon te breek, aangesien die reëlmaat moontlik 'n invloed op die respondente se keuse kon hê. Klemplasing word sistematies gemanipuleer deur verskillende klemplasings aan die nonsenswoorde toe te ken ten einde die rol daarvan in Hipotese 3 te kan bepaal. Nonsenswoorde is gebruik in 'n poging om die invloed van die respondente se aangeleerde kennis uit te skakel.

Vergelyk Wissing (1987a en 1987b) waar die metode soos hierbo met nonsenswoorde gebruik, met regte Afrikaanse woorde gebruik is.

In die eerste vraelys is 'n aantal nonsenswoorde opgeneem en in die tweede vraelys is werkwoorde as selfstandige naamwoorde voorgehou.

Die volgende vraelyste is aan die respondente voorgelees:

VRAELYS 1

LUISTER NA DIE VOLGENDE MOONTLIKE AFRIKAANSE WOORDE EN MERK DAN DIE VERKLEININGSVORM EN DIE MEERVOUDSVORM WAT U VOEL DIE REGTE EEN IS IN DIE TOEPASLIKE BLOKKIE OP DIE ANTWOORDBLAD.

1	tápam	2	tápur
3	kalán	4	kalón
5	pagóm	6	págoor
7	sélakom	8	mesákam
9	séman	10	sóseman
11	kasák	12	híltir
13	háster	14	sáreng
15	serégt	16	pálsan
17	bosdór	18	tápin
19	kalém	20	págaam
21	kasoót	22	kossél
23	pasoóg	24	reloóf
25	fruppél	26	tákor
27	féput	28	kaloér
29	págeen	30	kasaás
31	rasoól	32	porwár
33	paálson	34	kárpui
35	saroóm	36	késon
37	górmor	38	serdáng
39	perkaáj	40	bósdor
41	polséng	42	krúmpal
43	fástong	44	pasódeng

VRAELYS 2

INDIEN DIE VOLGENDE WERKWOORDE AS NAAMWOORDE GEBRUIK SOU WORD, WATTER VERKLEININGSVORM EN MEERVOUDSVORM SOU U DAARAAN TOEKEN?

1 *Verstár*
2 *Kíerang*
3 *Wégskram*

4 *Verjóng*
5 *Vergún*
6 *Úitblêr*
7 *Verbán*
8 *Beklém*
9 *Vervél*
10 *Bekóm*
11 *Órden*
12 *Tórring*
13 *Ópklim*
14 *Sénsor*
15 *Kwétter*
16 *Ómkrul*
17 *Wégrol*
18 *Verkén*
19 *Verléng*
20 *Kíbbel*
21 *Vergál*

Die respondente se keuse ten opsigte van die meervoudsuitgange is ook in die steekproef ingesluit, maar word vir die doel van hierdie studie buite rekening gelaat.

Die klemplasing word in die vraelyste duidelik aangetoon ter wille van die leser se gemak.

6.2.3 Proefpersone

Die vraelyste is aan 164 studente van beide geslagte met Afrikaans as moedertaal voorgelees. Die akademiese vlak van die student het gewissel van eerstejaar BA (PU vir CHO), en vanaf eerstejaarsvlak tot vierdejaarsvlak HSOD (Potchefstoomse Onderwyskollege). Geen onderskeid is gemaak om die studente se akademiese peil te bepaal nie.

6.2.4 Afneemprosedure

Die vraelyste is aan die respondente wat opgedeel was in groepe wat gewissel het van ongeveer twintig tot sestig voorgelees met tussenposes van ongeveer 30 sekondes tussen woorde. Die klemplasing is by die uitlees van die woorde duidelik beklemtoon.

Vraelys 1 is eerste aan die groepe respondente voorgelees en die respondente is gevra om slegs kruisies te maak by die uitgang van sy/haar eerste keuse. Dit is duidelik aan die respondente gestel dat hulle geen reëls in ag moes neem nie en slegs op hulle intuïtiewe oordeel (gevoel) moes vertrou.

6.2.5 Nasienmetode

Die resultate van die vraelyste is met die *Stairs*-program op die hoofraam van die PU vir CHO se rekenaar ingepons en die resultate van die frekwensieverspreiding volgens die moontlike opsies is tot 'n benaderde persentasie verwerk.

6.2.6 Resultate

Die respondente se voorkeure ten opsigte van die verkleiningsvorme soos deur die bogenoemde vraelyste bepaal, word hieronder aangetoon. Die resultate van Vraelys 1 word in Tabel II aangetoon en die resultate van Vraelys 2 in Tabel III. Die voorkeure is tot 'n persentasie (benader) verwerk. Die hoogste persentasie vir elke vorm word in vetdruk aangetoon.

Tabel II

		-le /l/	-pie /pi/	-kie /ki/	-(e)tjie /iki/
1	tápam	3,05	**54,30**	25,00	16,46
2	tápur	1,21	6,70	**57,92**	33,53
3	kalán	7,90	23,04	37,80	**51,21**
4	kalón	10,36	10,36	22,56	**56,09**
5	pagóm	6,09	**75,60**	4,26	13,41
6	págoor	13,4	13,04	**44,51**	38,41
7	sélakom	7,31	**45,73**	17,07	28,65
8	mesákam	11,58	**52,43**	12,80	23,17
9	séman	15,24	3,04	31,70	**48,78**
10	sóseman	10,36	5,48	17,07	**60,36**
11	kasák	27,43	0,00	**70,12**	2,43
12	hîltir	3,65	3,04	41,46	**54,82**
13	háster	4,87	3,65	**46,34**	44,51
14	sáreng	3,65	29,87	**43,29**	23,17
15	serégt	31,0	91,21	12,80	**54,26**
16	pálsan	3,63	12,19	**45,12**	38,41
17	bosdór	9,14	19,51	25,60	**45,73**
18	tápin	5,28	7,92	**45,73**	40,85
19	kalém	6,70	**57,31**	10,36	25,00
20	págaam	9,14	**64,63**	15,24	10,36
21	kasoót	32,90	0,00	9,75	**57,31**
22	kosséł	15,24	2,43	24,39	**56,70**
23	pasoóg	**84,14**	3,05	1,83	10,97
24	reloóf	**93,90**	0,61	1,83	3,66
25	fruppél	11,58	9,76	13,41	**64,63**
26	tákor	3,66	4,27	**49,39**	42,07
27	téput	26,22	4,27	9,76	**50**
28	kaloér	21,95	6,71	34,14	**36,58**
29	págeen	10,36	12,80	32,31	**43,90**
30	kasaás	**84,14**	1,21	5,48	8,53
31	rasoól	7,31	4,87	39,02	**48,17**
32	porwár	12,19	10,97	26,21	**50,60**
33	paálson	9,75	8,53	31,70	**49,39**
34	kárpul	3,04	12,19	40,85	**43,29**
35	saroóm	7,92	**82,92**	3,05	6,09

36	késon	3,65	5,48	43,29	**47,56**
37	górmor	15,24	12,80	23,78	**47,56**
38	serdáng	10,36	9,75	35,97	**43,29**
39	perkaáj	2,43	7,31	**46,95**	42,68
40	bósdor	9,14	14,63	26,82	**49,39**
41	polséng	2,43	3,65	39,02	**54,87**
42	krúmpal	3,65	10,97	29,26	**55,48**
43	fástong	6,70	10,36	35,36	**46,95**
44	pasódeng	2,43	13,41	40,24	**43,29**

Tabel III

		-ie /i/	-pie /pi/	-kie /ki/	-(e)tjie /iki/
1	Verstár	4,87	1,82	19,51	**73,78**
2	Kíerang	0,00	1,82	**80,48**	17,68
3	Wégskram	0,60	**56,70**	1,82	39,63
4	Verjóng	3,04	0,60	21,34	**75**
5	Vergún	1,82	1,82	23,17	**73,17**
6	Uitblêr	6,09	7,31	**43,29**	**43,29**
7	Verbán	6,09	0,60	26,21	**67,07**
8	Beklém	1,21	**63,41**	6,09	29,26
9	Vervél	3,04	0,60	12,19	**84,14**
10	Bekóm	1,21	**50,60**	7,31	40,85
11	Órden	2,43	1,82	**53,65**	42,07
12	Tórring	1,82	3,65	**69,51**	25,00
13	Ópklim	4,26	**54,87**	5,48	35,36
14	Sénsor	7,92	1,21	**48,78**	41,46
15	Kwétter	3,65,	0,00	**53,04**	42,68
16	Ómkrul	1,82	4,26	13,41	**79,87**
17	Wégrol	4,26	1,21	9,75	**84,75**
18	Verkén	3,04	1,21	22,56	**72,56**
19	Verléng	1,82	1,21	31,09	**65,85**
20	Kíbbel	3,04	4,87	**58,53**	33,53
21	Vergál	3,65	1,82	18,29	**76,21**

Die hipoteses gestel in 6.2.1 hierbo kan nou per vraelys aan die resultate hierbo, wat die keuses van die respondente aantoon, getoets word.

VIR hieronder sal die aantal gevalle aantoon wat die hipotese ondersteun, en **TEEN** die gevalle wat die hipotese nie ondersteun nie.

Hipotese 1 getoets aan Vraelys 1 (Tabel II):

VIR	TEEN
20	9

Hipotese 1 getoets aan Vraelys 2 (Tabel III)

VIR	TEEN
14	5

Hipotese 2 getoets aan Vraelys 1 (Tabel II)

VIR	TEEN
7	0

Hipotese 2 getoets aan Vraelys 2 (Tabel III)

VIR	TEEN
4	0

Hipotese 3 getoets aan Vraelys 1 (Tabel II)

VIR	TEEN
32	3

Hipotese 3 getoets aan Vraelys 2 (Tabel III)

VIR	TEEN
19	2

Uit die resultate hierbo aangetoon is dit duidelik dat beide die teorieë tot 'n redelike mate die korrekte keuse vir die verkleiningsvorms in Afrikaans kan voorspel. Hipoteses 1 en 2 verteenwoordig Trommelen se siening (dus

ook die van die non-lineêre benadering) en Hipotese 3 die siening van die lineêre benadering.

Indien die uitslag van die voorspellings van die hipoteses soos hierbo aangetoon persentasiegewys vergelyk word, kan 'n sterk saak vir die lineêre benadering uitgemaak word.

Die totaal VIR Hipotese 1 uit Vraelyste 1 en 2 is 38 uit 'n moontlike 48 gevalle, dus 'n persentasie van ongeveer 79%.

Die totaal TEEN Hipotese 1 uit Vraelyste 1 en 2 is 14 uit 'n moontlike 48 gevalle, dus 'n persentasie van ongeveer 29%.

Die totaal VIR Hipotese 3 uit Vraelyste 1 en 2 is 51 uit 'n moontlike 56 gevalle, dus 'n persentasie van ongeveer 91%.

Die totaal TEEN Hipotese 3 uit Vraelyste 1 en 2 is 5 uit 'n moontlike 56 gevalle, dus 'n persentasie van ongeveer 9%.

Indien die gevalle gedek deur Hipotese 2 aan die reël (111) getoets word, is die uitslag:

VIR	TEEN	
7	0	(Getoets aan Vraelys 1)
4	0	(Getoets aan Vraelys 2)

Die voorspelling deur beide die benaderings vir die gevalle wat uitgaan op /m/ voorafgegaan deur 'n [+son]-segment is dus presies dieselfde.

Dit is dus duidelik dat Hipotese 3 wat die TG-benadering verantwoord, 'n baie sterker teorie is aangesien dit tot 'n baie groter mate die data vir Afrikaans korrek voorspel.

Daar kan dus gesê word dat die lineêre benadering 'n sterker teorie is vir die voorspelling van die data in Afrikaans.

As daar weer na Hipotese 1 en 2 gekyk word blyk dit dat 'n ekstra reël, dus 'n ad hoc-reël, die kodavertakkingsreël, nodig is om die regte voorspellings te verseker.

Die probleem by die voorspelling kom by die sogenaamde uitsonderlike gevalle, soos deur Trommelen (1983:94) aangedui, dus die [+F]-vorme en die meersillabige vorme wat uitgaan op /r/. Om vir die vorme te verantwoord voer sy dan die ad hoc-kodavertakkingsreël (hier weergegee as 110) in.

Trommelen voer 'n spesiale ad hoc-kenmerk [+F] in vir gevalle waar klem wel 'n rol speel, "those with unstressed final syllable" (1983:151). So 'n ad hoc-kenmerk is onnodig binne die raamwerk van die lineêre benadering, aangesien die plasing van klem deel uitmaak van die formulering van die reël.

Die gevolgtrekking wat uit Hipotese 3 spruit toon dat klem en vokaallengte, anders as wat Trommelen (1983:94) beweer, wél 'n rol speel by die bepaling van verkleiningsvorme.

Die verpligte tweede deel van die kodavertakkingsreël is dus ook onnodig by meersillabige /r/-vorme indien die lineêre benadering se verkleiningsreël gebruik word.

Indien *klem* in berekening gebring word by die voorspelling van die keuse van die verkleiningsvorm kan 'n baie meer algemene en ekonomiese reël , dus die verkleiningsreël binne die lineêre raamwerk, daargestel word, wat dan al die [+son]-konsonante, dus ook die wat deur Trommelen as uitsonderings gemerk word, sal dek. Die ad hoc-kodavertakkingsreël, soos gestel deur Trommelen binne die non-lineêre raamwerk, is dan onnodig.

6.2.7 Samevattende gevolgtrekking

Die afleidings wat uit die voorafgaande resultate gemaak kan word toon duidelik dat klemplasing en vokaallengte wel deeglik 'n rol speel by die keuse van die verkleiningsuitgang in Afrikaans.

Daar kan dus tot die slotsom gekom word dat Trommelen (1983) se aanname dat voorwaardes soos onder andere klem nie 'n rol speel by die keuse van die verkleiningsuitgang nie, en dat slegs die bou van die koda van die woordfinale rym nodig is om die korrekte uitgang te voorspel, nie vir Afrikaans steekhou nie.

Indien klemplasing en vokaallengte ook in berekening gebring word by die voorspelling van die verkleiningsuitgang sal 'n ad hoc- reël soos (110) onnodig wees.

Daar kan dus nou tot die gevolgtrekking gekom word dat die lineêre benadering op 'n baie meer algemene en ekonomiese manier dieselfde data kan dek deur gebruik te maak van een samegestelde reël eerder as om 'n addisionele ad hoc-reël soos Trommelen se kodavertakkingsreël in te voer om die basiese reël te *laat* werk.

7

SLOT

Aangesien die non-lineêre benadering (MF) en die lineêre benadering (TG) vir die meeste gevalle, met die uitsondering van die woorde wat op [+son]-konsonante uitgaan, dus die sogenaamde onegte konsonante, die verkleiningsuitgange vir Afrikaans tot 'n redelike mate met 'n gelyke mate van ekonomie voorspel, en aangesien daar soos in die voorafgaande gedeelte aangetoon, die lineêre benadering met die erkenning van die invloed van klem en vokaallengte op die keuse van die verkleiningsuitgange, slegs een reël gebruik, en dus nie van ad hoc-reëls soos aangetoon en gebruik deur die non-lineêre benadering gebruik hoef te maak nie, moet daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die lineêre benadering van die klassieke TG 'n sterker teorie is wanneer dit kom by die voorspelling van die keuse van verkleiningsuitgange van Afrikaans. Die TG voorspel egter ook die gevalle wat nie as uitsonderings geld nie tot 'n groter mate korrek as die MF, soos aangetoon in Hoofstuk 6, p.107-108.

Indien 'n reël wat die plasing van klem sou bereël in die non-lineêre benadering ingevoer sou word wat hiërargies op 'n hoër vlak as verkleiningsvorming staan of wat voor die verkleiningsreël geordeen word, sou dit die voorspellingskrag van die metriese fonologie (non-lineêre benadering) aansienlik versterk.

Trommelen (1983:94) se aanspraak, naamlik:

> That diminutive formation ... is a local process in the sense that the specific diminutive alternant depends solely on the specific structure of the final rime preceding the suffix. Beyond this, no further phonological conditions are required for the choice between the alternants.

kan dus nie universeel toegepas word nie, aangesien dit 'n baie belangrike aanpassing nodig het om op 'n ekonomiese manier ook die data van Afrikaans te dek.

Trommelen se aanspraak hou dus nie vir Afrikaans steek nie, terwyl die lineêre benadering ook vir Nederlandse vorme die regte verkleiningsuitgang tot 'n hoë mate korrek sal voorspel sonder die invoering van ad hoc-reëls soos Trommelen se kodavertakkingsreël.

Uit hierdie studie is dit duidelik dat die lineêre benadering van die klassieke TG die verkleiningsuitgange vir Afrikaans op 'n eenvoudiger en meer algemeen-geldende manier kan voorspel as die non-lineêre benadering van die metriese fonologie soos voorgestel deur Trommelen (1983).

Aangesien die non-lineêre benadering soos voorgestel deur Trommelen (1983) nie die data van Afrikaans op 'n meer ekonomiese en algemene manier kan verantwoord as die lineêre benadering van die klassieke TG nie, kan die MF nie aanspraak maak daarop dat dit 'n sterker teorie is as die klassieke TG nie, en kan dit ook nie aanspraak maak op universele geldigheid nie.

Die empiriese ondersoek wat in hierdie studie gebruik is kan dan ook as versterking dien vir Wissing (1987a en 1987b) waar dieselfde metode voorgestel is, en met regte Afrikaanse woorde gebruik is vir die voorspelling van klem.

BIBLIOGRAFIE

AOUN, Y. 1979. Some considerations concerning the metrical representation of the syllable. Unpublished paper : M.I.T.

BOLINGER, D. 1972. Accent is predictable: if you're a mind-reader. *Language*, 48(3):633-644.

BOOIJ, G.E. 1981. Generatiewe fonologie van het Nederlands. Utrecht : Aula.

BOOIJ, G.E. 1982. Hiërarchishe fonologie. Amsterdam : Vrije Universiteit.

CHOMSKY, N. & HALLE, M. 1968. The sound pattern of English. New York : Harper and Row.

CLEMENTS, G.N. & KEYSER, S.J. 1983. CV Phonology: a generative theory of the syllable. Cambridge : M.I.T.

COMBRINK, J.G.H. & DE STADLER, L.G. 1987. Afrikaanse fonologie. Johannesburg : Macmillan.

COMBRINK, J.G.H. & DODDS, R.McD. 1984. Retrograde woordeboek van Afrikaans. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.

DE BRUTO, H.F. & WISSING, D.P. 1974. Aspekte van 'n Afrikaanse TGG-fonologie. Johannesburg : McGraw-Hill.

DE VILLIERS, M. 1973. Afrikaanse klankleer. Kaapstad : A.A. Balkema.

EVERETT, D. & EVERETT, Keren. 1984. On the relevance of syllabic onsets to stress placement. *Linguistic Inquiry*, 15(4):707-711, Fall.

FOLEY, J. 1977. Foundations of theoretical phonology. Cambridge : Cambridge University Press.

FROMKIN, Victoria, RODMAN, R. & NEIJT, Anneke. 1986. Universele taalkunde. Dordrecht : Foris Publications.

FUDGE, E.C. 1969. Syllables. *Journal of linguistics*, 5:253-286.

GREENBERG, J.H., *ed*. 1966. Universals of language. Second Edition. Cambridge : M.I.T.

GREENBERG, J.H. et.al. 1966. "Memorandum concerning language universals", (*In* GREENBERG, J.H., *ed*. 1966. Universals of language. Second Edition. Cambridge : M.I.T. p.xv-xxvii.)

HALLE, M. & MOHANAN, K.P. 1985. Segmental phonology of modern English. *Linguistic Inquiry*, 16(1):57-116, Winter.

HALLE, M. & VERGNAUDE, J. 1980. Three-dimentional phonology. *Journal of Linguistic research*, 1:83-105.

HARRIS, J.W. 1969. Spanish phonology. Cambridge : M.I.T.

HOCKETT, C.F. 1955. A Manual of phonology. Indiana University : Publications in Anthropology and Linguistics II.

HOOPER, Joan. B. 1972. The syllable in phonological theory. *Language*, 48(3):525-540.

HOOPER, Joan. B. 1976. An introduction to natural generative phonology. New York : Academic.

JENKINSON, A.G. 1986. Die dimunitief in Afrikaans: 'n mofologiese kaleidoskoop: deel 1. *SA Tydskrif vir Taalkunde*, 4(2):39-62. April.

JENKINSON, A.G. 1986. Die dimunitief in Afrikaans: deel 2. *SA Tydskrif vir Taalkunde*, 4(3):13-46, Augustus.

KAHN, D. 1976. Syllable-based generalizations in English phonology. Indiana University Linguistic Club.

KEMPEN, W. 1940. Die verkleinwoord in Afrikaans. Kaapstad : Nasionale Pers.

KIPARSKY, P. 1977. The rhythmic structure of English verse. *Linguistic Inquiry*, 8(2):189-247, Spring.

LANDMAN,K.J.H. 1978. Sillabiese verskynsels in Afrikaans. Pretoria. (Proefskrif (D.Litt. et Phil.) - UNISA.)

LIBERMAN, M. & PRINCE, A. 1977. On stress and linguistic rhythm. *Linguistic Inquiry*, 8(2):249-336, Spring.

LUBBE, H.J. 1985. Die woordinisiële aansetkluster in Afrikaans. *Acta Academica*, Nuwe Reeks B, 1985:82-122.

LUBBE, H.J. 1986. Die struktuur van die woordfinale rym van ongelede woorde in Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 26(2):98-106, Junie.

LUBBE,H.J. 1987. Onset SP-, ST-, and SK- in Germanic languages: Cluster or Phoneme? *SA Tydskrif vir Taalkunde*, 5(2):75-99, April.

NEIJT, Anneke, & ZONNEVELD, W. 1982. Metrische fonologie: de representatie van klemtoon in Nederlandse monomorfematische woorden. *De Nieuwe Taalgids*, 75(6):527-547, November.

SELKIRK, Elisabeth O. 1982. The syllable. (*In* Van der Hulst, H. & Smith, N., *reds*. The structure of phonological representations: part 2. Dordrecht : Foris. p.337-383.)

STEMBERGER, J.P. & Mac WHINNEY, B. 1984. Extrasyllabic consonants in CV phonology: an experimental test. *Journal of Phonetics*, 12(4):355-366, Oktober.

SUZUKI, S. 1982. A metrical approach to Gothic reduplication. *Linguistics*, 20(9/10):259-260.

TROMMELEN, Mieke T.G. 1982. Dutch diminutive formation as a rime-bound process. *The Linguistic Review*, 1:345-368.

TROMMELEN, Mieke M.T.G. 1983. The syllable in Dutch with special reference to diminutive formation. Dordrecht : Foris.

VAN DEN BROECKE, M.P.R. & WESTERS-VAN-OORD, A.M. 1986. De syllabe en het morfeem tijdens taalverwerwing. *Forum der Letteren*, 27(4):256-263, Desember.

VAN DER HULST, H. & SMITH, N., *reds*. 1982. The structure of phonological representations: part 2. Dordrecht : Foris.

VAN RENSBURG, M.C.J., DE BRUTO, H.F., WISSING, D.P. & BADENHORST, P.J. 1974. TGG fonetiek vir Afrikaans: 'n werkboek. Johannesburg : McGraw-Hill.

WISSING, D.P. 1971. Fonologie en morfologie van die simplekse selfstandige naamwoord in Afrikaans: 'n transformasioneel-generatiewe beskrywing. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

WISSING, D.P. 1982. Algemene en Afrikaanse generatiewe fonologie. Johannesburg : Macmillan.

WISSING, D.P. 1987a. 'n Nuwe metode in die fonologie. *SA Tydskrif vir Taalkunde*, 5(1):190-209, Januarie.

WISSING, D.P. 1987b. Klemtoon en tweesillabige Afrikaanse simplekse: 'n eksperiment. *SA Tydskrif vir Taalkunde*, 5(3):105-139, Augustus.

WISSING, D.P. 1988. Die Afrikaanse en Nederlandse verkleiningsisteme: 'n vergelyking in metries-fonologiese kader. *Literator*, 9(3):62-74, November.

ABSTRACT

A COMPARISON OF LINEAR PHONOLOGY AND NON-LINEAR PHONOLOGY WITH SPECIAL REFERENCE TO DIMINUTIVE FORMATION

Non-linear phonology, also known as metrical phonology, as represented by Trommelen (1983) makes certain claims. One of the most prominent claims concerns the prediction of the choice of diminutives.

In this study Trommelen's claim:

> That diminutive formation ... is a local process in the sense that the specific diminutive alternant depends solely on the specific structure of the final rime preceding the suffix. Beyond this, no further phonological conditions are required for the choice between the alternants. (Trommelen, 1983:94)

is tested against Afrikaans data.

An overview is given of the metrical phonological theory, and the standard transformational generative phonological theory followed by a discussion of the Afrikaans syllable structure. Trommelen's prediction of diminutive formation within the non-linear approach is then compared with the treatment of Afrikaans data within the linear approach of the standard TG model.

Trommelen's main claim is tested against Afrikaans data constructed of nonsense words which comply with the morpheme structure rules of Afrikaans. Special attention is given to the behaviour of sonorant consonants, especially in multisyllabic words which seem to be problematic cases according to Trommelen (1983:51): "It seems to me that the grammar can deal with these forms only by brute force, that is, by special statements that account for the unexpected behavior of these nouns".

It is shown in this study that the linear approach can account for the choice of dimunitives in Afrikaans in more economical and general terms than the non-linear approach. The linear approach needs only one general rule to predict the correct diminutive, by taking into account such conditions as stress and vowel length.

The use of a special statement such as Trommelen's ad hoc coda-branching rule is shown to be unnecessary.